RGN-/NOR-ondersoek na strategieë vir opleiding en plasing van die gestremde persoon

# Ondersteunende verslag 2:

## Opleiding van die gestremde skool- en hospitaalverlater

Navorsingspan: C.D. Jacobs
J.G. Maree
L. de Bruyn

Samesteller van verslag: C. du T. Olivier

001.3072068 HSRC ERP

BIBLIOTEEK
LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

RGN·HSRC

RGN-/NOR-ondersoek na strategieë vir opleiding en plasing van die gestremde persoon

RGN·HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE
CENTRE FOR LIBRARY AND IMFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

12 JUN 1990

19/6

30 NOV 1991

2547

Onc

Opl
en l

Nav

Sam

Pretoria
Raad vir G
1989

0 0 0 2 4 0 4 6 1 4

001.3072068 HSRC ERP

*240461*

Die RGN-onderwysnavorsingsprogram is organisatories en administratief verbonde aan die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN).

Die Nasionale Opleidingsraad (NOR), Departement van Mannekrag, is 'n statutêre instelling met as hooffunksie om die Minister van Mannekrag te adviseer oor enige aangeleentheid rakende opleiding en mannekrag.

RGN BIBLIOTEEK
1990 2. -2.
HSRC LIBRARY
STANDKODE
001.3072068
HSRC ERP
AANWINSNOMMER
082075

Navorsingspan: C.D. Jacobs B.A., D.Ed., THOD
J.G. Maree B.A., D.Ed., HOD
L. de Bruyn B.A., B.Ed., TOD

Samesteller van verslag: C. du T. Olivier B.Sc., D.Ed.

Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
Uitvoerende Direkteur: Dr. S.W.H. Engelbrecht

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Gedruk deur die RGN
Pretoriusstraat 134
PRETORIA
0002

## VERKLARING

**Hierdie verslag is deur die bogenoemde navorsingspan, onder leiding van die Projekkomitee: Opleiding van die gestremde persoon, voorberei. Die werkkomitee van die RGN-/NOR-ondersoek na strategieë vir opleiding en plasing van die gestremde persoon, het drie projekkomitees (Opleiding, Plasing en Wetgewing) saamgestel met die doel om leiding aan die navorsingspanne te gee.**

**Die bevindings, menings en aanbevelings vervat in hierdie verslag weerspieël nie noodwendig die standpunt van óf die RGN, óf die NOR, óf die werkkomitee van die ondersoek nie. Die amptelike standpunt van die werkkomitee is vervat in die hoofverslag wat aan die Minister van Mannekrag oorhandig is.**

**Aangesien hierdie verslag deur die betrokke navorsingspan voorberei is, verskil dit ietwat ten opsigte van tegniese en taalversorgingvoorskrifte wat vir RGN-verslae geld.**

# INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1: INLEIDING**

1.1 Agtergrond ........................................ 1
1.2 Interpretasie van die navorsingsopdrag .......... 3
1.3 Navorsingsverloop ............................... 3
1.4 Doel van die ondersoek .......................... 4
1.5 Metode van ondersoek ............................ 5
1.6 Samevatting ..................................... 5

**HOOFSTUK 2: PERSPEKTIEF OP DIE OPLEIDING VAN GESTREMDE PERSONE**

2.1 Internasionale perspektief ...................... 7
2.2 Nasionale perspektief ........................... 9
2.3 Leerwerkprogramme ............................... 12
2.4 Opleiding van opleiers .......................... 14
2.5 Programontwikkeling ............................. 15
2.6 Samevatting ..................................... 17

**HOOFSTUK 3: 'N KLASSIFIKASIESISTEEM VAN GESTREMDHEID VIR DIE DOELEINDES VAN HIERDIE ONDERSOEK**

3.1 Inleiding ....................................... 18
3.2 Gesigsgestremdheid .............................. 19
3.3 Gehoorgestremdheid .............................. 19
3.4 Liggaamlike gestremdheid ........................ 21
3.5 Neuraalgestremdheid ............................. 22
3.6 Serebraalgestremdheid ........................... 22
3.7 Verstandelike gestremdheid ...................... 23
3.8 Spesifiek leergestremdheid ...................... 23
3.9 Meervoudige gestremdheid ........................ 24

**HOOFSTUK 4: OPLEIDING VAN GESTREMDE PERSONE AAN GROEP-OPLEIDINGSENTRUMS**

4.1 Inleiding .................................... 25
4.2 Die bestaande infrastruktuur vań groepopleiding-sentrums .................................... 26
4.3 Die gestremde persoon en opleiding van groepoplei-dingsentrums .................................... 29
4.4 Die multidissiplinêre span .................................... 30
4.5 Samevatting .................................... 32

**HOOFSTUK 5: DIE HOSPITAALVERLATER: SUID-AFRIKAANSE WEERMAG**

5.1 Inleiding .................................... 33
5.2 Situasie-analise .................................... 34
5.3 Rehabilitasieprogramme .................................... 38
5.3.1 Die mediese spesialis .................................... 38
5.3.2 Verpleegpersoneel .................................... 39
5.3.3 Sielkunde .................................... 39
5.3.4 Fisioterapie .................................... 43
5.3.5 Ortose en prostetikuste .................................... 43
5.3.6 Biokinetici .................................... 44
5.3.7 Kapelaandiens .................................... 45
5.3.8 Arbeidsterapie .................................... 45
5.3.9 Maatskaplike werk .................................... 45
5.4 Opleidingsbetekenis van rehabilitasie .................................... 46
5.5 Samevatting .................................... 47
5.5.1 Aanvaarding van die verlies .................................... 47
5.5.2 Identifisering van sy gestremdheid .................................... 47
5.5.3 Funksionele toereikendheid .................................... 47
5.5.4 Onafhanklikheid .................................... 47
5.5.5 Sensitiwiteit .................................... 48
5.5.6 Sosialisering .................................... 48
5.5.7 Frustrasie .................................... 48
5.5.8 Optimisme .................................... 48

**HOOFSTUK 6: DIE HOSPITAALVERLATER: PROVINSIALE HOSPITAAL (H.F. VERWOERD-HOSPITAAL, PRETORIA)**

6.1 Inleiding .................................... 49
6.2 Die werksvoorbereidingstrategie ................. 49
6.3 Die mediese geskiktheid vir werkeenheid ......... 49
6.4 Evaluasie van werkstempo en voorbereiding vir werk 51
6.4.1 Fase 1 van die voorbereidingsprogram ..... 52
6.4.2 Fase 2 van die werksvoorbereidingsprogram 53
6.4.3 Fase 3 van die werksvoorbereidingsprogram 54
6.4.4 Fases 4 en 5 van die werksvoorbereidingsprogram ............................ 55
6.4.5 Fase 6 van die werksvoorbereidingsprogram 62
6.4.6 Fase 7 van die werksvoorbereidingsprogram 62
6.5 Die infrastruktuur vir die eenheid se werksvoorbereidingsprogram ................................ 64
6.6 Steundienste .................................. 64
6.7 Fasiliteite .................................... 65
6.8 Finansiering .................................. 65
6.9 Deskundiges .................................. 65
6.10 Die spesifieke groep gestremde persone aan wie die eenheid diens lewer ......................... 66
6.11 Samevatting .................................. 68

**HOOFSTUK 7: BEVINDINGS, MOTIVERINGS VIR DIE BEVINDINGS, AANBEVELINGS EN IMPLIKASIES VIR DIE IMPLEMENTERING VAN DIE AANBEVELINGS**

7.1 Bevinding 1: Formele opleiding ................ 69
7.2 Bevinding 2: Toepaslikheid van die nasionale opleidingsbeleid ................... 70
7.3 Bevinding 3: 'n Strategie vir opleiding ........ 71
7.4 Bevinding 4: Aangepaste opleiding .............. 72
7.5 Bevinding 5: Opleiding aan gestremde persone met beperkte leervermoëns ............. 72
7.6 Bevinding 6: Benutting van bestaande infrastruktuur ............................ 73

7.7 Bevinding 7: Benutting van fondse in opleiding . 74
7.8 Bevinding 8: Koördinering van opleiding ........ 75
7.9 Bevinding 9: Skakeling tussen opleidings- en plasings-instansies .................. 76
7.10 Slotopmerking .................................. 76

BRONNELYS ........................................ 77

## EKSERP

Hierdie verslag is een van ses deelnavorsingsverslae en handel oor opleiding, plasing en wetgewing wat gestremde persone raak.

In hierdie deelnavorsing is aandag gegee aan die invloed wat gestremdheid en die aard daarvan op opleiding van die skool- en hospitaalverlater mag hê. Weens die feit dat daar nie opleidingsinstansies bestaan wat oor 'n breë spektrum vaardigheidsopleiding aan gestremde persone verskaf nie, is die ondersoek in 'n mate bemoeilik.

Die moontlikheid van opleiding van gestremde persone aan die groepopleidingsentrums, 1 Militêre Hospitaal en H.F. Verwoerdhospitaal, is ondersoek. Uit die aard van die keuse van die inrigtings het die verwantskap tussen rehabilitasie en opleiding ook duideliker op die voorgrond getree.

Bevindings en aanbevelings is onder andere oor die volgende geformuleer:

- formele opleiding
- opleidingsbeleid
- strategieë vir opleiding
- aangepaste opleiding
- benutting van bestaande infrastrukture vir opleiding van gestremde persone
- optimale benutting van fondse vir opleiding van gestremde persone
- koördinering van opleiding aan gestremde persone

## EXCERPT

This report is one of a series of four subreports, regarding training, placement and legislation concerning disabled people.

The focus of this part of the research was to identify the influence of disablement and the nature thereof on training of the school and hospital leaver. The non-existence of training institutions specialising in skills training of the disabled over a broad spectrum of skills, complicated the research.

The possibility of utilising the group training centres, 1 Military Hospital and H.F. Verwoerd Hospital for the purpose of training disabled persons was investigated. Because of the selection of these institutions the relationship between rehabilitation and training became clearer and was accentuated.

Findings and recommendations were formulated on the following:

- formal training
- training policy
- training strategies
- adjusted training
- utilising existing infrastructures for training disabled persons
- optimal utilisation of training funds for training disabled persons
- co-ordination of training for disabled persons

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 AGTERGROND

Die kabinet het op 20 November 1985 besluit dat 1986 'n NASIONALE JAAR VAN GESTREMDE PERSONE moet wees as deel van die Verenigde Volke se Internasionale Dekade van Gestremde Persone vanaf 1983 tot 1992 en as sodanig bekend gestel moet word. Tweedens het die kabinet ook besluit dat 'n strategie vir gestremde sorg opgestel moet word. Bogenoemde twee take is deur Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling onderneem. Ses-en-dertig navorsingsverslae en 'n hoofverslag het verskyn, waarvan die navorsers met waardering en dank kennis neem.

As aandeel van die Departement van Mannekrag in die Jaar van Gestremde Persone, het die Minister van Mannekrag gedurende 1986 aan die Nasionale Opleidingsraad opdrag gegee om 'n deurtastende ondersoek te doen na die opleiding van gestremde persone ten einde hulle in staat te stel om op die arbeidsmark om 'n geskikte werkgeleentheid mee te ding.

Om hierdie opdrag effektief uit te voer, is die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, wat oor die nodige infrastruktuur beskik om navorsing te onderneem, genader om die ondersoek in noue samewerking met die Nasionale Opleidingsraad te doen.

Dr. J.H. Hamilton, skoolhoof, De La Bat-skool vir Dowes, Worcester, en Direkteur van die Instituut vir Dowes is genader om as voorsitter van 'n werkkomitee op te tree. 'n Werkkomitee van 38 persone wat verteenwoordigend van alle belangegroepe is, is na sorgvuldige oorweging saamgestel.

'n Eerste vergadering van die werkkomitee het op 13 Mei 1987 plaasgevind, waartydens daar op drie breë navorsingsvelde besluit is, naamlik opleiding, plasing en wetgewing. Die lede van die werkkomitee is volgens belangstelling en kundigheid in drie projekkomitees verdeel.

Ses relevante navorsingsterreine is deur die werkkomitees soos volg geïdentifiseer:

**Opleiding**

(i) Beroepsopleiding van die gestremde leerling binne formele nie-tersiêre onderwys.

(ii) Opleiding van die gestremde skool- en hospitaalverlater.

**Plasing**

(i) Statistiese perspektiewe van die werkende en werklose gestremde persoon.

(ii) Werkgeleenthede vir die gestremde persoon asook kundigheid en houdings van die werkgewers.

(iii) Dienslewering aan die gestremde persoon met die oog op opleiding en plasing.

**Wetgewing**

Ondersoek na wetgewing om die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon te bevorder.

Vergaderings van die werkkomitee en projekkomitees asook samesprekings met die navorsers het op 'n gereelde grondslag plaasgevind met die doel om die ses verskillende navorsingsprojekte te koördineer.

## 1.2 INTERPRETASIE VAN DIE NAVORSINGSOPDRAG

Daar is van die standpunt uitgegaan dat die naskoolse beroepsopleiding van die gestremde persoon geëvalueer moet word en dat implementeerbare aanbevelings geformuleer sal word met die doel om beroepsopleiding vir die gestremde persoon te verbeter en te verfyn.

Die volgende faktore is in ag geneem:

- 'n Kleiner getal gestremde persone kom in die ope arbeidsmag tereg en daarom is hoofsaaklik die nie-formele opleidingsmoontlikhede aangespreek.

- Elke gestremde persoon is 'n persoon in eie reg wat kan aanspraak maak op die bepaling van sy/haar moontlikhede met die oog op opleiding en plasing volgens sy/haar vermoëns. Hierbenewens word ook by die opleiding in ag geneem wat die aard en graad van gestremdheid is, en of die gestremdheid aangebore of verworwe is.

- Die nie-formele opleiding is meer aanpasbaar en buigsaam, het die moontlikheid om opleidingsgeleenthede vir die gestremde persone maksimaal uit te bou en verdien daarom in diepte-navorsing.

- Daar bestaan weinig instansies wat hoofsaaklik gestremde persone oplei. Die navorsingsveld is dus uiters beperk en dus word daar hoofsaaklik op die beter benutting van bestaande fasiliteite gekonsentreer.

## 1.3 NAVORSINGSVERLOOP

Die navorsing het soos volg verloop:

(i) Gestremdhede is vir die doeleindes van hierdie navorsing geklassifiseer en beskryf.

(ii) 'n Literatuurstudie is gedoen.

(iii) Daar is gepoog om te bepaal watter invloed opleiding op die plasingsmoontlikhede van die gestremde persoon kan hê.

(iv) Daar is gepoog om die opleidingsmoontlikhede vir die gestremde skool- en hospitaalverlater, wat nie in die formele onderwys tereg kan kom nie, vas te stel.

## 1.4 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie navorsingsprojek was om ondersoek in te stel na die stand van naskoolse beroepsopleiding vir gestremde persone van alle rassegroepe in die RSA, bestaande opleidingstelsels en -strukture te ondersoek, moontlike opleidingsleemtes te identifiseer en om aanbevelings te maak ten einde 'n effektiewer opleidingsbedeling vir gestremde persone daar te stel.

Die doelstellings van die projek was om ondersoek in te stel na

- die evaluering van die naskoolse beroepsopleiding van die gestremde persoon;

- die evaluering van bestaande opleidingsgeleenthede met die oog op plasing in beskermde werk en die ope arbeidsmark;

- bestaande opleidingsfasiliteite vir nie-gestremde persone en die moontlikheid om ook die gestremde persoon vir opleidingsdoeleindes te akkommodeer;

- die moontlikheid om opleidingsmoontlikhede vir die gestremde persoon uit te brei deur 'n opleidingsvennootskap tussen die staat en die privaatsektor en die nasionale rade vir gestremdesorg te vestig;

- die toereikendheid van die opleidingsvaardighede van opleiers met betrekking tot die opleiding van gestremde persone;

- die aanpassing van opleidingsprogramme en die opleidingstyd teen die agtergrond van 'n modulêre bevoegdheidsgerigte opleidingsmodel;

- na die ontwerp en evaluering van opleidingsprogramme vir verskillende kategorieë en grade van gestremdheid;

- die verwantskap tussen maatskaplike, sielkundige, mediese en beroepsrehabilitasie;

- die finansiering van opleiding van die gestremde persoon, en

- na die koördinering van opleiding van gestremdes.

## 1.5 METODE VAN ONDERSOEK

Daar is gebruik gemaak van literatuurstudie, onderhoudvoering met deskundiges en besoeke aan private en groepopleidingsentrums.

## 1.6 SAMEVATTING

Die term gestremde persone verwys na 'n wye spektrum mense met 'n groot variasie in hulle basiese behoeftes, vermoëns, aanlegte, voorkeure, lewenstyl en verwagtinge.

Daar kan dus geen kader van algemene doelstellings vir die opleiding van gestremde persone bestaan nie en dus kan daar ook nie algemeen-geldige evalueringskriteria bestaan nie. Verskillende kategorieë gestremde persone het dus verskillende behoeftes, vermoëns en verskillende emosionele remminge as gevolg van die unieke aard van elkeen se gestremdheid. Dit impliseer dat opleidingsdoelstellings deur die individuele vermoëns en behoeftes bepaal word.

Sake soos emosionele stremminge en verwagtinge sou noodwendig terapie (steungewing) gedurende opleiding vereis. Dit impliseer dat afgesien van beroepsopleiding daar ook op individuele vlak sielkundige, geneeskundige en maatskaplike steungewing in die opleidingsprogramme ingebou moet word.

In die volgende hoofstukke word die essensie van die navorsingsresultate oor die volgende navorsingstemas weergegee:

- Internasionale en nasionale perspektief op die opleiding van gestremde persone.

- 'n Klassifikasiesisteem van gestremdheid vir die doeleindes van hierdie navorsing.

- Evaluering van groepopleidingsentrums as opleidingsfasiliteite.

- Beskrywing van die mediese rehabilitasie en opleiding van die hospitaalverlater: Suid-Afrikaanse Weermag.

- Beskrywing van die mediese rehabilitasie en opleiding van die hospitaalverlater: H.F. Verwoerd-hospitaal, Pretoria.

# HOOFSTUK 2

# PERSPEKTIEF OP DIE OPLEIDING VAN GESTREMDE PERSONE

## 2.1 INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

Navorsing in 1985 deur Robert en Fraser namens The United States Department of Education and Rehabilitation Services toon aan dat die internasionale houding teenoor die gestremde ten aansien van opleiding die afgelope paar jaar drasties verander het. Enkele van die belangrikste bevindinge gerugsteun deur ander literatuur is die volgende:

(i) In opleiding word die gestremde se moontlikhede al hoe meer beklemtoon en nie sy gestremdheid as sodanig nie.

(ii) Die tendens bestaan om die gestremde sover as moontlik in 'n algemene opleidingsprogram te betrek.

(iii) Die opleidingsprogram word aangepas by die vorm van gestremdheid, sodat die gestremde maksimaal kan presteer. Daar word dus algemeen aanvaar dat die gestremde sover as moontlik opgelei moet word ooreenkomstig sy besondere belangstelling en aanleg (Fortune 1986:269-294).

(iv) 'n Multidissiplinêre benadering ten opsigte van opleiding word sterk gepropageer. In lande soos Amerika en Engeland word die privaatsektor toenemend betrek in die opleiding van die gestremde persoon (Rochin en Clarq 1985:39).

(v) In Amerika word intense navorsing gedoen oor die inskakeling van moderne tegnologie, sodat die gestremde persoon in algemene opleidingsprogramme geakkommodeer kan word (Bice en Burkhatler 1987:65).

(vi) Die <u>World Programme of Action concerning Disabled Persons</u> se aksieprogram bestaan uit vier komponente, naamlik voorkoming, rehabilitasie, gelyke geleenthede en bevordering van werkgeleenthede. Hierdie konsep word soos volg omskryf:

"Equalization of opportunities means the process through which the general system of society, such as the physical and cultural environment, housing and transportation, social and health services, educational and work opportunities, cultural and social life, including sports and recreational facilities, are made accessible to all" (United Nations: World Programme of Action concerning Disabled Persons 1982:3).

'n Beroep word in die <u>World Programme</u> (1982:33) gedoen vir onderlinge samewerking op nasionale en plaaslike vlak tussen die staat en werkgewers- en werknemersorganisasie om sodoende 'n gesamentlike strategie te ontwikkel vir die bevordering van meer en beter werksgeleenthede vir gestremde persone. Volgens die program behoort dienste ontwikkel te word wat beroepsbystand en -voorligting, beroepsopleiding, werkplasing en opvolging bevorder. Beskermde werksgeleenthede behoort daargestel te word in die vorm van werkswinkels, tuiswerk, selfindiensnemingskemas en groepies van gestremde persone wat in beskermende omstandighede in die ope-arbeidsmark werk. Baie van hierdie voorstelle word reeds toegepas, hoewel meer gedoen kan word om werkgeleentheidskepping vir die gestremde te bevorder, veral in die landelike gebiede.

Samevattend kan dus gestel word dat opleiding van gestremde persone universeel as baie belangrik geag word juis omdat daar geredeneer word dat indien die gestremde ooreenkomstig sy belangstelling en aanleg opgelei word, deur uitskakeling of beperking van sy gestremdheid deur rehabilitasie en die aanwending van moderne tegnologie, hy 'n produktiewe bate vir die georganiseerde samelewing sal wees.

## 2.2 NASIONALE PERSPEKTIEF

Met die aankondiging van die Jaar van Gestremde Persone, 1986 deur die Regering is gepoog om 'n nuwe bedeling vir gestremde persone in Suid-Afrika in te lei. Die hooftema van die jaar is betrokkenheid van die gemeenskap en as vertrekpunt is geneem dat die gestremde 'n integrale deel van die gemeenskap is. Gestremde persone word nie as 'n gemeenskap op hulle eie beskou nie. Daar is dus gepoog om groter betrokkenheid van die gemeenskap by gestremde persone, asook nouer inskakeling van gestremde persone in die gemeenskap, te bevorder.

Vier hoofterreine is geïdentifiseer wat prioriteitsaandag deur die jaar geniet het:

* Toeganklikheid
* Werkverskaffing
* Gelyke geleenthede
* Die eiesoortige behoeftes van die gestremde in landelike gebiede.

Die gestremde persoon in die arbeidsterrein is as een van die grootste probleme geïdentifiseer. Volgens die Sentrale Statistiekdiens se bevolkingsensus vir 1980 is 12,7 % van die totale bevolking van die RSA in een of ander vorm gestremd. Vanuit getalle-oogpunt beskou, het die staat nie die vermoë om die gestremde in toenemende mate te versorg nie (Harvey 1986:18). Die regering onderneem om toenemend na die belange van die gestremde om te sien, maar met groter beklemtoning van die taak van die georganiseerde samelewing.

Die regering se program om werklose persone op te lei, waarvolgens kontrakte tussen die Departement van Mannekrag en geregistreerde opleidingsentrums aangegaan is, bied 'n moontlikheid aan sekere gestremde persone.

Die projek waarvolgens werksoekers van alle bevolkingsgroepe basiese opleiding van algemene aard, gerig op werk wat laer geskooldheidsvlakke vereis, kan ontvang, bied veral aan gestremde persone uitstekende opleidingsmoontlikhede. Die Departement van Mannekrag is verantwoordelik vir die finansiering van sekere onderhoudstoelaes asook kursusgelde. Opleiding van liggaamlik gestremde werksoekers word onder andere deur die Apex-groepopleidingsentrum en by die Access College in Johannesburg verskaf.

Dit is die regering se doelwit om die lewenskwaliteit van die gestremde te verhoog deur die gestremde se persoonsmoontlikhede deur opleiding te ontwikkel sodat hy produktief kan wees in die land se arbeidsmark. As gevolg van die afwesigheid van 'n gefundeerde beleid oor gestremde persone, word die beginsels van die nasionale beleid oor onderwysvoorsiening, soos vervat in die Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die RSA vir die doeleindes van opleiding van gestremde persone, soos volg geïnterpreteer:

**Beginsel 1**

Die menswaardigheid van elke individu word erken en beskerm.

**Beginsel 2**

Deelname aan die basiese entiteite van die samelewing - die gesin, maatskaplike groeperinge en die gemeenskap - is die kern van die mens se bestaan.

**Beginsel 3**

Die staat dra die verantwoordelikheid om die raamwerk daar te stel waarbinne die bevolking se lewensgehalte en -potensiaal optimaal kan ontwikkel.

**Beginsel 4**

Die staat streef na 'n selfversorgende samelewing deur die daarstelling van 'n omgewing waarbinne ook die gestremde persoon sy vermoëns in die hoogste moontlike mate kan ontwikkel.

**Beginsel 5**

Die gestremde persoon het 'n verantwoordelikheid en 'n reg tot inspraak in sy welstandsbelange.

**Beginsel 6**

Versorging, sosialisering en opvoeding van die gestremde binne gesinsverband word nagestreef.

**Beginsel 7**

Die inskakeling en akkommodering van die gestremde in die samelewing word aktief bevorder.

**Beginsel 8**

Doeltreffende gestremdesorg is 'n deurlopende proses wat minder institusionalisering en meer positiewe samelewingsbetrokkenheid vereis.

**Beginsel 9**

Gelyke geleenthede vir alle lede van die samelewing word nagestreef, maar met differensiasie na die behoeftes en vermoëns van die gestremde persoon.

**Beginsel 10**

Doeltreffende gestremdesorg veronderstel voldoende samewerking en skakeling.

## 2.3 LEERWERKPROGRAMME

Met werk word bedoel die aktiwiteite waarvoor 'n individu 'n bepaalde verantwoordelikheid het en waarvoor hy 'n direkte vergoeding, behuising, loon of salaris ontvang.

Die vermoë om konstruktief en produktief deel te neem aan 'n aktiwiteit ontwikkel reeds vroeg in die mens se lewe. Die gestremde persoon word die geleentheid gegee om hierdie vermoë op verskeie terreine te ontwikkel. Daar word spesifiek aandag gegee aan die ontwikkeling van die fasiliteite op drie terreine, naamlik die stedelike, plattelandse, en onderontwikkelde afgeleë areas.

Die Nasionale Heraanpassingskomitee en Beroepsraad is oorspronklik daargestel om beseerde oudsoldate na 1945 by die samelewing in te skakel. Tans dien dit hoofsaaklik as 'n beursskema vir gestremde studente ten einde hulle in staat te stel om tersiêre opleiding te deurloop. Vir hierdie doel word jaarliks etlike beurse aan verdienstelike gestremde studente beskikbaar gestel om aan opleidingsinrigtings soos tegniese kolleges, technikons en universiteite wat bereid is om hulle te aanvaar, verder te studeer. Dit stel die gestremde persoon in staat om op gelyke voet met nie-gestremdes in die ope arbeidsmark te kan kompeteer.

Daar is ook verskeie ander projekte waar die staat 'n bydrae kan lewer tot die opleiding van gestremde persone. Die omvangryke werkskeppingsprogramme waarmee reeds in 1985 'n aanvang geneem is, skep uit die aard van die saak ook opleidingsgeleenthede in een of ander vaardigheid aan werklose persone en dit is nie uitgesluit dat sekere kategorieë gestremde persone ook onder hierdie skemas opgelei kan word nie.

Vanaf 1976 is onderwyshandleidings vir opleidingsentrums vir gestremde leerlinge deur die Departement van Nasionale Opvoeding voorsien. Hierdie opleidingsprogramme dien as riglyn

vir die oriëntering tot arbeid van die gestremde (De Villiers 1987:65). 'n Hersiene opleidingsprogram is saamgestel met behulp van die Departement Ortopedagogiek aan die Universiteit van Suid-Afrika met die doel om leerlinge by te staan in die optimale verwerkliking van hulle bereikbare potensialiteite of om die beperking te oorbrug deur die uitbouing van ander moontlikhede tot

* 'n sinvolle ervaring van eie lewe;
* 'n aanvaarding van gemeenskapsnorme en waardes;
* 'n beoefening van 'n menswaardige lewenswyse;
* 'n aanvaarding van verantwoordelikheid, en
* indiensstelling van sy moontlikhede deur arbeid tot die uitbouing van sy selfstandigheid en dienslewering aan die gemeenskap.

Weens die verskeie wyses waarop gestremdheid hom manifesteer, het die verskeie onderwysdepartemente verskeie navorsingsprojekte geloods en spesialiste aangestel om opleidingsprogramme te ontwerp wat die gestremde so ver as moontlik bystaan in sy strewe na volwassenheid. So maak die opleidingsprogram vir die verstandelik erg gestremde kind daarvoor voorsiening dat hy reeds in die junior fase arbeidsgerigte handvaardighede begin aanleer. Die vestiging van persoonlike kwaliteite soos getrouheid, stiptelikheid en verantwoordelikheid word deurgaans aangehelp.

Namate die jeugdige deur die verskillende fases vorder, word toenemend klem gelê op arbeid- en beroepsvereistes soos

* positiewe werksingesteldheid,
* sosiale aanpasbaarheid,
* werksbevoegdheid,
* werksuithouvermoë en -motivering, en
* produksiespoed (De Villiers, 1987:66-68).

Die arbeidsterapeut speel oor die breë veld van gestremdheid 'n belangrike rol in die gestremde se werksgeoriënteerdheid. Rehabilitasieprogramme word sedert 1978 volgens vyf stadia aangebied, naamlik .

* werkevaluasie,
* werkvoorbereiding,
* werktoetsplasing, en
* opvolg na werkplasing (Beukes 1987:47).

## 2.4 OPLEIDING VAN OPLEIERS

Dit is noodsaaklik dat diegene binne die nywerheidsektor, wat betrek word by die opleiding van die gestremde, oor genoegsame kundighede en vaardighede beskik om dit professioneel te kan doen.

Opleiding in die nywerheidsektor van die RSA handhaaf oor die algemeen 'n hoë standaard, maar is afgespits op die nie-gestremde en is tans nog divers en uiteenlopend (Barnard 1987: 32).

Die makrofunksie van personeelopleiding kulmineer rondom vier kategorieë opleidingspersoneellede naamlik die beplanner, die navorser, die implementeerder en die konsultant.

Die beplanner tree op as strateeg, ontwerper en formuleerder; en die navorser doen navorsing in die lig van behoeftes en aan doelwitte. Die implementeerder gee uitvoering aan sy opdrag binne die onderrig en kernsituasie as fasiliteerder, persoonlike raadgewer en instrukteur terwyl die konsultant optree as administrateur, bestuurder en bemarker.

Wanneer daar dus gedink word aan doeltreffende opleiding van die gestremde ten opsigte van loopbaanonderwys, is dit noodsaaklik dat opleiers wat in die praktyk staan nie slegs 'n streng keuringsprogram, afgespits op groepsbegeleiding van gestremdes, moet slaag nie, maar dat 'n span kundiges hulle moet bystaan ten opsigte van

* langtermynbeplanning en koördinering,
* die formulering van doelstellings en ordening van opleidingsaktiwiteite,
* die samestelling van handleidings,
* die identifisering van ondersteuningsdienste,
* die ontwikkeling en evaluering van teorieë oor opleiding en die kwaliteit van opleiding,
* die daarstelling van strategieë vir loopbaanontwikkeling, en
* die kontrolering en koördinering van fasiliteite en hulpmiddele en alle ander komponente afgestem op die opleidingsituasie.

Opleiding onderneem deur die nywerheidsektor is in die RSA deurgaans gestruktureerd maar divers, uiteenlopend en ontoereikend vir die gestremde (Posthumus 1985:61). Indien 'n strukturele model, waarvan die makrostruktuur aangedui is, ontwerp word, kan dit aangewend word vir die identifisering van spesifieke terreine waar spesifieke gestremdes opgelei kan word.

## 2.5 PROGRAMONTWIKKELING

Beroepsopleiding vir die gestremde is gerig op die maksimale ontwikkeling van sy fisiese, psigiese en sosiale werkvermoë binne die omvang van sy gestremdheid. Om dit te kan bewerkstellig, is dit noodsaaklik dat 'n multidissiplinêre benadering gevolg moet word. Die beroepsopleidingsprogram moet gerig wees op die bereiking van sosiale en ekonomiese onafhanklikheid deur die ontwikkeling van die gestremde se arbeidsbekwaamheid. Slegs wanneer daar vir die gestremde persoon geen moontlikheid in die ope arbeidsmark bestaan nie, moet van beskutte of beskermde werksgeleenthede gebruik gemaak word.

Omdat die dienste wat tans deur welsynsorganisasies, nasionale rade vir gestremdesorg en die gemeenskap gelewer word, ontoereikend is ten aansien van opleiding en werkverskaffing aan

die gestremde, moet 'n daadwerklike poging deur die staat, in samewerking met die privaatsektor geloods word om spesiale beroepsopleidingsentra vir gestremdes te stig (Salomone 1984: 148).

Beroepsopleidingsentra moet veral in die hoofsentra beskikbaar wees. Voorsiening in plattelandse gebiede is egter essensieel en alle gestremde persone wat nie die ope arbeidsmark suksesvol kan betree nie, moet toegelaat word tot hierdie opleidingsprogramme. Omdat die voorkoms van gestremdheid hom op verskeie maniere manifesteer, is dit moontlik dat hierdie beroepsopleidingsentra kan spesialiseer in die opleiding van een of meer aanverwante gestremdhede.

Die werkvoorbereidingsprogram kan uit die volgende hoofkomponente bestaan:

* Evaluering van werkvermoë
* Beroepsvoorligting
* Programbeplanning
* Beroeps- en werkvoorbereiding
* Werkplasing
* Opvolging.

'n Multidissiplinêre benadering moet deurgaans gevolg word deur 'n span deskundiges te betrek wat ook op 'n transprofessionele wyse funksioneer.

Saam met tegnologiese uitvindings, gerig op die operasionalisering van die gestremde se vermoëns, is daar ook 'n tegnologiese verfyning ten aansien van die breë arbeidsveld. Vanaf die nywerheidsektor tot hoë-vlakbestuur word elektronika, byvoorbeeld die mikrorekenaar, ingespan om doeltreffender arbeid te verrig. Hierdie tendens in die arbeidsveld beteken vir die gestremde 'n meer toeganklike arbeidsmark.

## 2.6 SAMEVATTING

Oor die breë linie beskou, word gestremde persone in Suid-Afrika werk ontsê of hulle ontvang slegs minderwaardige of swak besoldigde werk, nieteenstaande daar oor die kundigheid en potensiaal tot effektiewe beroepsbeoefening beskik word. Hierdie tendens is hoofsaaklik te wyte aan onkundigheid van die publiek en privaatsektor aangaande die gestremde persoon se werksvermoë.

Die groot meerderheid gestremde persone ontvang algemene opvoedende onderrig wat nie afgespits is op spesifieke beroepsbeoefening nie. Hulle word dus opgelei tot algemene administratiewe werk waar daar reeds 'n ooraanbod van nie-gestremde werkers is. Hierdie tendens veroorsaak dus ook dat baie gestremde persone, veral diegene wat ook milieu-gestremd is, die formele onderwyssektor reeds vroeg verlaat en dus nie die ope arbeidsmark op 'n milieu-gestremd kompeterende basis kan betree nie.

# HOOFSTUK 3

# 'N KLASSIFIKASIESISTEEM VAN GESTREMDHEID VIR DIE DOELEINDES VAN HIERDIE ONDERSOEK

## 3.1 INLEIDING

Gestremde persone verskil van mekaar wat betref die oorsaak, aard en graad van gestremdheid. Elke gestremde persoon is 'n persoon in eie reg en is nie deel van 'n homogene subgroep in die samelewing nie. 'n Gestremdheid kan aangebore wees, dus òf geneties òf kongenitaal òf dit kan verworwe wees. 'n Gestremdheid kan ook soms tot 'n sekere mate ophefbaar wees of self stabiliseerbaar wees.

In die literatuur bestaan 'n verskeidenheid van klassifikasiesisteme vir gestremdhede wat primêr afhanklik is van die dissipline betrokke by die gestremdheid asook die doelstellings van die instansie. So sal 'n klassifikasie in die prostetika verskil van die van neurofisiologiese indeling.

Vir die doel van navorsing oor opleiding van gestremde persone word gestremdhede soos volg ingedeel:

- Gesiggestremdheid
- Gehoorgestremdheid
- Liggaamlike gestremdheid
- Neuraal gestremdheid
- Serebraal gestremdheid
- Verstandelike gestremdheid
- Spesifiek leergestremdheid
- Meervoudige gestremdheid.

Daar kon nie veel klem op die opleiding van blinde persone gelê word nie, aangesien hierdie opleiding 'n baie gespesialiseerde veld is. Swaksiende persone het wel aandag gekry en die mening is dat sulke persone wel by opleiding, soos aangebied deur die nie-formele sektor, kan baat.

Aangebore of verworwe gestremdheid kan somtyds 'n belangrike betekenis in opleiding hê, byvoorbeeld 'n persoon met 'n verworwe doofheid beskik reeds oor taal, wat 'n voordeel is, terwyl 'n verworwe liggaamlike gestremdheid die persoon met mobiele agterstand laat teenoor 'n persoon wat reeds by liggaamlik aangebore beperkinge leer aanpas het.

Dit is egter noodsaaklik vir opleidingsdoeleindes dat daar tog 'n perspektief op en kennis van die heterogene aard van gestremdheid beskikbaar sal wees.

## 3.2 GESIGGESTREMDHEID

As gevolg van 'n verskeidenheid van oogsiektes en gesigsafwykings wat op enige ouderom in 'n persoon se lewe kan ontstaan, tesame met verworwe gesiggestremdhede as gevolg van byvoorbeeld werksongelukke en motorbotsings, kan die visuele vermoëns van gesiggestremde persone wissel van totale blindheid tot 'n gesigskerpte wat bykans normaal is. Tussen hierdie twee pole is daar talle grade van gesiggestremdhede wat hierdie groep 'n uiters heterogene groep maak.

Afgesien van die verlies van gesigvermoë word afwykende gesigstoestande soos byvoorbeeld lae en fluktuerende gesigskerptes, fotofobiese toestande en miopie, ook in ag geneem.

## 3.3 GEHOORGESTREMDHEID

Gehoorverlies kan by geboorte aanwesig wees of kan op 'n vroeë of latere ouderdom intree. In elk van hierdie drie gevalle is die effek op spraak en taalverwerwing of taalbehoud eiesoor-

tig. Veral 'n gehoorverlies wat vanaf geboorte bestaan of 'n verlies wat op 'n vroeë ouderdom ontwikkel, lewer ernstige probleme wat spraak en taalverwerwing betref. Sulke persone moet deur spesiale metodes onderrig word en daar word hoofsaaklik op die ander sintuie gesteun. Gehoorgestremdheid kan van so 'n ernstige aard wees dat die persoon glad geen gehoorpersepsievermoë vir gewone spraak besit nie of kan van 'n ligter graad wees sodat die persoon wel deur middel van klankversterkingsapparaat in staat gestel kan word om sy gehoorreste te benut.

Doofheid het 'n ernstige effek op die kognitiewe, emosionele en sosiale ontwikkeling van die persoon en strem die persoon dienooreenkomstig in sy selfverwesenliking. Die verlies van spraak en taal het 'n nadelige uitwerking op die tempo van volwassewording van die gehoorgestremde persoon aangesien taal 'n kritieke rol speel in die algemene kognitiewe vermoë, abstrakte denke en die psigiese ontwikkeling van die persoon. Hierdie taalbeperking maak dit vir die dowe persoon moeilik om lees en andertalige kommunikasievaardighede te ontwikkel wat weer 'n nadelige effek op ander gebiede veral die opleiding het.

Kommunikasie is nie slegs 'n belangrike aspek wat opleiding betref nie, maar is ook belangrik in die opbou van goeie menseverhoudings en ook belangrik vir suksesvolle werksplasing. As gevolg van die dowe persoon se onvermoë tot volkome kommunikasie word hulle dikwels as anders deur horende persone beleef. Hulle word soms misverstaan, vertolk die woorde en motiewe van horende persone verkeerd en word dikwels verstoot. Sulke ervarings dra daartoe by dat die gehoorgestremde persoon nog verder in die gemeenskap geïsoleer word en hulle ontwikkelingsmoontlikhede nog verder beperk.

In die opleidingsituasie is kommunikasie onontbeerlik aangesien dit die grondslag van opleiding vorm. Daarom sal dit noodsaaklik wees om tydens opleiding 'n onderskeid te tref

wat betref die dowe persoon en die gehoorgestremde persone van verskillende grade. Hierbenewens moet in gedagte gehou word dat dowe en gehoorgestremde persone tog groot moontlikhede het wat opleiding betref. Fisiek gesproke skort daar meestal niks met hulle nie en wanneer dit by fisiese vaardighede kom is hulle uitstaande werkers.

## 3.4 LIGGAAMLIKE GESTREMDHEID

Ook hierdie groep persone word in twee breë kategorieë verdeel, naamlik dié met aangebore en dié met verworwe liggaamlike gestremdhede.

Fisieke gestremdhede kan ook volgens die liggaamstelsel waar die disfunksie gelokaliseer is, geklassifiseer word, byvoorbeeld

- afwykings van die skelet,
- afwykings van die bloedstelsel,
- afwykings van organe soos die hart, longe en pankreas.

'n Klassifikasie waarvolgens die gestremdheid volgens die disfunksie geklassifiseer word, kan ook gebruik word, byvoorbeeld

- parapleë,
- tetrapleë,
- kwadrupleë,
- hemipleë.

Alle para-, tetra- en kwadrupleë is inkontinent en derhalwe het hulle weinig of geen beheer oor die blaas en rektum nie. Hulle het ook as gevolg van senuweebeskadiging of afsnyding 'n afwesigheid van vel- en spiersensasie in sekere liggaamsdele. Hierdie aspekte moet voortdurend tydens opleiding in ag geneem word.

Veral liggaamlik gestremde persone wat hulle gestremdheid verwerf het as gevolg van een of ander ongeluk, het deurgaans aan die begin self erge emosionele aanpassingsprobleme wat bo en behalwe mediese rehabilitasie ook sielkundige steun noodsaak. Vervoer, akkommodasie, persoonlike higiëne en aanvaarding van hulle situasie is dus struikelblokke wat steungewing noodsaak.

**3.5 NEURAAL GESTREMDHEID**

Onder neuraal gestremde persone word gewoonlik verstaan persone wat aan epilepsie ly.

Epilepsie word beskou as 'n oormatige prikkelbaarheid van sekere dele van die brein. Die volgende is voorbeelde van tipes epileptiese toestande wat voorkom:

- grand mal wat ook as vallende siekte bekend staan
- petit mal wat 'n kortstondige en relatiewe onskadelike ontlading van sekere dele van die brein behels
- 'n verskeidenheid van toestande wat met of sonder die verlies van bewussyn gepaard gaan

Die feit dat persone met epilepsie somtyds ongekontroleerd mag optree, is 'n besliste faktor wat tydens opleiding en plasing in ag geneem moet word, veral aangesien dit die persoon in gevaarlike situasies kan laat beland. Swak konsentrasievermoë is gewoonlik ook 'n eienskap van persone met epilepsie en hulle is op gereelde medikasie aangewese. As deel van beroepsrehabilitasie is dit noodsaaklik dat die persoon met epilepsie die gereelde gebruik van sy medikasie as 'n gewoonte sal aanleer.

**3.6 SEREBRAAL GESTREMDHEID**

Serebraal gestremdheid kan aangebore wees of verworwe tydens 'n breinbesering en word gewoonlik volgens aard van die manifestasie van die gestremdheid geklassifiseer, naamlik

- die persoon wat spasties is (styfheid van die spiere),
- die persoon wat ataksies is (gebrekkige spierkoördinasie),
- die persoon wat atetoïdies is (herhaalde onwillekeurige bewegings),
- die atoniese persoon (baie swak spiertonus).

Die serebraal gestremde persoon is gewoonlik nie 'n baie sterk kandidaat vir opleiding nie. Hulle mag ook meervoudig gestremd wees en beskik selde oor die nodige fisiese vermoëns. Die serebraal gestremde persoon wat sterker verstandelike vermoëns het, volg gewoonlik 'n akademiese opleiding.

## 3.7 VERSTANDELIKE GESTREMDHEID

Hierdie groep gestremde persone kom gewoonlik van spesiale skole of het die gestremdheid as gevolg van 'n breinbesering verwerf. Aangesien die meerderheid van hierdie persone fisiek normaal is, is hulle goeie kandidate vir een of ander vorm van vaardigheidsopleiding.

Die verstandelik erg gestremde persone sal by hoë uitsondering by opleiding baat. Hulle is meestal aangewese op aktiwiteite wat in beskermingswerkplekke beoefen word. Ook by hulle moet dit in gedagte gehou word dat met die nodige toewyding en geduldige herhaling van opdragte deur instrukteurs, wel sukses met sulke opleiding behaal kan word.

## 3.8 SPESIFIEK LEERGESTREMDHEID

Die spesifiek leergestremde persoon word gekenmerk deur die verskil wat daar bestaan tussen hulle leerpotensiaal en wat hulle werklik tydens akademiese onderwys kan vermag. Hierdie persone se potensiële verstandsvermoë is gewoonlik gemiddeld of bo-gemiddeld. Hoewel sommige van hierdie persone nie akademiese kwalifikasies sal kan verwerf nie, is hulle as gevolg van hulle verstandelike en fisiese vermoëns uitstekende kandidate vir nie-formele opleiding.

## 3.9 MEERVOUDIGE GESTREMDHEID

Die meervoudig gestremde persoon word deur meer as een tipe van gestremdheid gekortwiek. Hulle probleme wat opvoeding en opleiding betref, is kompleks en hulle is in die meeste gevalle nie baie goeie kandidate vir opleiding nie. Vir die doel van hierdie navorsing wat hoofsaaklik op opleiding konsentreer, word daar slegs van hierdie groep kennis geneem.

## SAMEVATTING

Aangesien gestremde persone wat in hulle gestremdhede radikaal van mekaar verskil, betrokke is, is dit noodsaaklik om ook strategieë te ontwikkel en daar te stel wat hulle in staat sal stel om tot die maksimum van hulle vermoë opleiding te kan deurloop. Aangesien die probleme so divers van aard is, is daar nie sprake van 'n eenvoudige plan of oplossing nie, maar sal daar voor en tydens die opleiding optimaal geïndividualiseer moet word.

# HOOFSTUK 4

# OPLEIDING VAN GESTREMDE PERSONE AAN GROEPOPLEIDINGSENTRUMS

## 4.1 INLEIDING

Vir die doel van die ondersoek word infrastrukture vir nie-formele opleiding nagevors. Hier word gekonsentreer op die groepopleidingsentrums wat onder die Wet op Mannekragopleiding, 1981 in die lewe geroep is. Die doel met hierdie groepopleidingsentrums is hoofsaaklik om vaardigheidsopleiding aan werklose en ander persone te bied.

Die ondersoek het dit dus ten doel om bestaande fasiliteite, strukture en dienste aan groepopleidingsentrums te ondersoek ten einde vas te stel in watter mate dit geleenthede vir opleiding van gestremde persone kan bied, skep en bevorder. Verskeie groepopleidingsentrums is besoek ten einde die fasiliteite te ondersoek en die gesindheid van die bestuur en die opleiers ten opsigte van die opleiding van gestremde persone te peil.

Dit moet egter in ag geneem word dat nie alle gestremde persone aan groepopleidingsentrums opgelei kan word nie en dat daar 'n keuringsmeganisme en infrastruktuur daargestel sal moet word om hierdie probleem te ondervang.

Hierdie ondersoek is geloods aangesien daar 'n gebrek is aan opleidingsfasiliteite vir gestremde persone wat wel by opleiding kan baat. Opleiding is ook 'n belangrike aangeleentheid aangesien dit die gestremde persoon in staat kan stel om te kompeteer om 'n werk nadat 'n vaardigheidsopleiding ondergaan is.

Hierdie beginsel kan lei dat die assosiasie van gestremdheid en welsyn verander na dié van gestremdheid en produktiwiteit. So 'n persepsieverandering ten opsigte van die gestremde persoon sal ook kan lei tot 'n meer menswaardige en selfverwesenlike bestaan van elke betrokke gestremde persoon. Hierdie probleem word verder bemoeilik deur die toekenning van ongeskiktheidstoelaes wat somtyds kontraproduktief kan wees ten opsigte van opleiding en plasing en ook kan dien as skuiwer vir onregmatige benutting van die toelaes.

## 4.2 DIE BESTAANDE INFRASTRUKTUUR VAN GROEPOPLEIDINGSENTRUMS

'n Groepopleidingsentrum word gestig deur 'n groep of vereniging van werkgewers wat in 'n bepaalde gebied in bepaalde nywerhede betrokke is. Die groepopleidingsentrums maak voorsiening vir die opleiding van werknemers en werklose persone. By elke groepopleidingsentrum is daar 'n bestuur aangestel wat die opleidingsentrums met behulp van aangestelde amptenare administreer. Aangesien die groepopleidingsentrums op opleiding ingestel is, beskik hulle ook oor goedgekeurde opleidingskursusse wat ook by die Departement van Mannekrag geregistreer is, opleidingspersoneel en fisiese opleidingsfasiliteite. Benewens die voorgenoemde maak die groepopleidingsentrums ook van die dienste van die opleidingsadviseur van die Departement van Mannekrag gebruik. 'n Opleidingsadviseur kan veral tydens die opleiding en plasing van gestremde persone van groot waarde wees.

Die opleidingskursusse wat aangebied word sluit vaardigheidsopleiding in, soos byvoorbeeld basiese en gevorderde sweiswerk, houtbewerking, bouverwante opleiding, huisversorging, tuinbewerking, ensovoorts. Die kursusse wat by hierdie opleidingsentrums aangebied word, is meestal kort kursusse van een week tot drie maande in praktiese vaardighede met die doel om die opgeleide persoon in staat te stel om daarna in 'n werk geplaas te kan word. Die koste van die kursusse is relatief laag en die opleiding van werklose persone vind kosteloos plaas.

Die opleidingspersoneel is in die verskillende vakrigtings soos dit in die nywerheid voorkom, opgelei en benader hulle take met betrekking tot keuring, opleiding en plasing met die nodige begrip en empatie. Dit is egter ook so dat die opleiers wat ook ervaring in die verskillende opleidingsmetodieke het, hulle ook sal moet vergewis van die aanpassing van die metodieke wanneer die opleiding van gestremde persone ter sprake is.

Die fisiese fasiliteite van groepopleidingsentrums is effektief ontwerp en ontwikkel en wel in so 'n mate dat dit vir die meeste kategorieë van gestremde persone toeganklik is, of maklik toeganklik gemaak kan word.

Die groepopleidingsentrums beskik ook oor die finansiële bronne en infrastruktuur wat ter bereiking van doelstellings vir die opleiding van beide nie-gestremde en gestremde persone benut kan word. Na aanleiding van gesprekke met direkteure van groepopleidingsentrums is deeglik onder die indruk gekom dat hierdie finansiële infrastruktuur aangewend word en primêr dien om die sentrum se doelstellings en prioriteite in terme van opleiding en die gehalte van die opleidingsprogramme te bevorder.

Die groepopleidingsentrums ken ook na suksesvolle afhandeling van 'n kursus 'n sertifikaat toe waarop die aard, duur, resultaat en vaardigheidsvlak van die opgeleide persoon aangedui word. Die moontlikheid dat die gestremde persoon stadiger sal werk en sodanig begryp moet word, is 'n noodsaaklikheid.

Die groepopleidingsentrums beskik ook oor 'n geregistreerde indiensplasingskantoor om die persone wat opgelei is sover moontlik en so toepaslik moontlik in betrekkings te plaas. Hierdie diens kan ook vir die plasing van gestremde persone benut word, veral indien persone wat kundig is met betrekking tot die plasing van gestremde persone, betrek of gekoöpteer kan word.

Alhoewel die groepopleidingsentrums tans hoofsaaklik daarop ingestel is om nie-gestremde persone op te lei, kan die opleiding van gestremde persone maklik daarby geïntegreer word. Indien getalle dit regverdig, kan daar soms ook aparte klasse vir gestremde persone aangebied word. Wanneer die opleiding van gestremde en nie-gestremde persone in dieselfde groep plaasvind, sal die uiteenlopende metodieke van onderrig en die tempo waarteen opleiding geskied, deeglik in berekening gebring moet word. Dit sal hoër eise aan die opleier stel en daar word aanbeveel dat daar voortdurend van die dienste van 'n arbeidsterapeut, maatskaplike werker, verpleegster en selfs geneesheer in raadgewende hoedanighede gebruik gemaak word.

Die voordeel van die opleiding, waar gestremde persone en nie-gestremde persone, saam opgelei word, is dat die gestremde persoon leer om by die nie-gestremde persoon aan te pas. Veral omdat die meeste gestremde persone in redelik beskermde omgewings grootgeword het. In so 'n groep is daar geleentheid vir beide groepe om mekaar beter te ken en te begryp en dit kan die weg baan vir die moontlikheid om uiteindelik ook in dieselfde werksomgewing aan te pas.

Deur die gestremde persoon aan die groepopleidingsentrums op te lei, word die geleentheid ook geskep om werkgewers nader met die moontlikhede van die gestremde persoon te laat kennis maak. Indien sekere kategorieë van gestremde persone aan groepopleidingsentrums opgelei word, kan groot bedrae bespaar word, aangesien die skepping van 'n nuwe infrastruktuur nie nodig sal wees nie. Gestremde persone word dus nie afgesonder nie en integrasie in die opleidingsituasie sal ook integrasie op ander terreine bevorder.

Die moontlikhede en geleenthede vir die opleiding van gestremde persone sal verder verhoog kan word indien daar by groepopleidingsentrums in sekere behoeftes voorsien word. Toeganklikheid vir die fisiek gestremde persoon, beligting en ander toepaslike apparaat vir die gesiggestremde persoon, klankverster-

king vir die gehoorgestremde persoon en die aanpassing van toerusting in ag genome die persoon se gestremdheid, sal alles faktore wees wat daartoe kan bydra dat die gestremde persoon meer effektief aan groepopleidingsentrums opgelei kan word.

**4.3 DIE GESTREMDE PERSOON EN OPLEIDING VAN GROEPOPLEIDINGSENTRUMS**

Net soos die groepopleidingsentrums aan sekere kriteria en standaarde moet voldoen en sekere aanpassings moet maak, is dit noodsaaklik dat aan die gestremde persoon sekere voorvereistes en toelatingskriteria gestel kan word. Die gestremde persoon sal aan 'n sekere minimum intellektuele, psigiese, emosionele en fisieke standaarde moet voldoen ten einde toegelaat te kan word. Dit is so dat die bestaande personeel aan die groepopleidingsentrums nie oor die kundigheid beskik om hierdie evaluering te doen nie en daarom is dit noodsaaklik dat van die hulp van ander kundige persone gebruik gemaak sal word.

Die gestremde persoon sal ook self 'n bydrae moet maak. Waar die gestremde persoon uit die aard van die beskermde omgewing waarin hulle hulself gewoonlik bevind, geneig is om passief in 'n omgewing van hulpverlening te fungeer, sal hulle moet leer om so selfstandig as moontlik op te tree. Die gestremde persoon sal veral in die opleidingsituasie aandag moet skenk aan sake soos stiptelikheid, gesindheid teenoor gesag, werksvolharding, gesteldheid op voorkoms, onafhanklikheid, werktrots, ensovoorts.

Omdat 'n persoon gestremd is, het hy andersoortige behoeftes. Hierdie behoeftes is nie alleen beperk tot die opleidingsituasie nie maar sluit ook sake in soos ontspanning en houding teenoor ander opleidelinge asook toepaslike werksplasing in die ope arbeidsmark of in beskutte werk. Ten einde reg te laat geskied aan bogenoemde sake is dit noodsaaklik dat die groepopleidingsentrums deur 'n multidissiplinêre span bygestaan word ten einde die moontlikhede van gestremde persone maksimaal uit te bou en te benut.

## 4.4 DIE MULTIDISSIPLINêRE SPAN

Vanaf die ontstaan van die groepopleidingsentrums is daar op die opleiding van die nie-gestremde gekonsentreer. Gestremde persone is by hoë uitsondering toegélaat en dit was nie beleid om hulle by die opleiding van die nie-gestremde te inkorporeer nie. Vir die groepopleidingsentrums sal die opleiding van die gestremde 'n nuwe dimensie in die opleidingsproses wees en eiesoortige eise aan die sentrum, die opleiers en die bestuur stel. Die kriteria vir toelating verskil van dié wat by nie-gestremdes geld en die besondere behoeftes, opleidingstegnieke en -benadering is ook andersoortig. Om die opleidingsentrums op hierdie gebied tot hulp te wees, sal van 'n span van deskundiges van verskillende dissiplines gebruik gemaak moet word.

Die kern van hierdie multidissiplinêre span sal uit die volgende dissiplines bestaan:

- 'n medikus
- 'n sielkundige
- 'n arbeidsterapeut
- 'n maatskaplike werker
- die betrokke instrukteur of opleier

Hierdie span sal nie noodwendig vir die keuring van elke gestremde persoon betrek word nie. Skoolverlaters uit skole vir buitengewone onderwys en hospitaalverlaters sal altyd sekere gegewens kan voorlê. Soms sal daar van bykomstige dissiplines gebruik gemaak word. Dit sal byvoorbeeld ook nodig wees dat vir die dowe persoon sielkundiges en terapeute wat kennis dra van sy spesifieke behoeftes betrek word. Dit geld ook vir die ander kategorieë, want besondere kennis van die gestremdheid is 'n voorvereiste vir wetenskaplike beslissings oor opleiding en latere plasing, sowel as vir verdere voorligting en leidinggewing.

Hoewel die span uit uiteenlopende dissiplines bestaan en elk sy eie verslag uitbring, is dit noodsaaklik dat hierdie ver-

slae as 'n eenheid verweef moet word. Die spanlede moet 'n gemeenskaplike taal besig wat vir elkeen verstaanbaar is en wat sonder omslagtigheid vir die opleier as gids sal dien.

Die lede van die span is in elke groot streek, stad of dorp tot die beskikking van die groepopleidingsentrum en die wyse waarop hulle benut kan word, kan onderling gereël word. Aan die kantore van die streeksdirekteure is daar beroepsvoorligters en indiensplasingsbeamptes, en waar daar opleiding- en werksentrums is, word in sommige gevalle ook maatskaplike werkers, arbeidsterapeute en verpleegsters aangestel. Indien 'n skool vir buitengewone onderwys naby geleë is, sal die sielkundiges, terapeute en onderwysers die groepopleidingsentrum van die nodige inligting en voorligting kan voorsien. Aan alle hospitale is daar terapeute verbonde en die dienste van die distriksgeneesheer kan ook benut word. Universiteite sal ook kundiges kan voorsien.

Die aangewese persoon om as voorsitter van so 'n multidissiplinêre span op te tree, is seker die indiensplasingsbeampte of beroepsvoorligter of opleidingsadviseur van die kantoor van die streeksdirekteur. Dit sal sy taak wees om as koördineerder op te tree en om die betrokke dissiplines, wat vir voorligting en begeleiding verantwoordelik is, aan te wys. Hy sal ook die beplande individuele opleidingspan monitor en by herevaluering en verdere kontinue evaluering die nodige aanpassings maak.

In die meeste gevalle sal dit maatskaplike werker of die indiensplasingsbeampte as voog en raadgewer by elke opleidingsentrum vir die wel en wee van elke groep gestremde persone aan die sentrum verantwoordelik wees. Dit sal ook nodig wees om nasorg en verdere begeleiding na plasing te voorsien.

Aan die opleiding- en werksentrums bestaan tans komitees vir plasing, rehabilitasie en begeleiding. Hierdie komitees vorm dus alreeds 'n kern en beklemtoon weer eens die gedagte van die benutting van bestaande strukture.

## 4.5 SAMEVATTING

Gestremde persone het, wat hulle opleiding en werkpotensiaal betref wel beperkings wat in die meeste gevalle beteken dat hulle die wêreld van werk onvoorbereid moet betree. Indien die bestaande fasiliteite van groepopleidingsentrums vir die opleiding van gestremde persone benut kan word, sal daar vir sowel die gestremde persoon as die werkgewer en die nasionale rade vir gestremdesorg nuwe deure oopgemaak word. Veral werkskepping en selfonderhoudsprojekte asook stigting van koöperatiewe werkswinkels vir beskermde werk kan hierdeur bevorder word.

Die bestaande infrastrukture aan groepopleidingsentrums leen hulself uitstekend tot die opleiding van gestremde persone en behoort optimaal in samewerking met nasionale rade vir gestremdesorg en ander belanghebbende instansies benut te word. Aandag sal geskenk moet word aan die opleiding van die opleiers van gestremde persone aangesien daar nog sekere leemtes bestaan.

'n Opleidingstrategie waartydens die spesifieke opleidingsbehoeftes van gestremde persone bepaal word, opleidingsprogramme aangepas en ontwerp word, die fisiese fasiliteite aangepas word en riglyne met betrekking tot die opleiding van die gestremde persoon neergelê word, is 'n noodsaaklikheid.

Die groepopleidingsentrums kan 'n belangrike vennoot vorm saam met die staat, nasionale rade vir gestremdesorg en die gemeenskap in terme van mannekragvoorsiening vir die toekoms, waarvan die gestremde persone 'n wesenlike deel uitmaak. Enige inisiatief wat daarop ingestel is om die genoemde vennootskap te versterk, kan die opleiding en uiteindelike plasing of selfonderhoud van die gestremde persoon tot voordeel strek en behoort aandag aan gegee te word.

# HOOFSTUK 5

# DIE HOSPITAALVERLATER: SUID-AFRIKAANSE WEERMAG

## 5.1 INLEIDING

Die 1 Militêre Hospitaal doen reeds vir 'n geruime tyd rehabilitasie van pasiënte wat fisiek gestremd geraak het as gevolg van 'n verskeidenheid oorsake.

Hierdie rehabilitasie word binne multiprofessionele spanverband gedoen. Waar die gestremdheid slegs 'n deel van die pasiënt se bestaanswêreld vorm, word die pasiënt op 'n holistiese wyse benader. Die gestremde persoon se beroep, familie, heraanpassing en emosionele welsyn is alles deel van die totale rehabilitasieprogram. Daar word dus gepoog om binne rehabilitasieverband na al die verskillende fasette van die pasiënt se mens-wees te kyk. Om die multiprofessionele holistiese rehabilitasiebenadering tot sy reg te laat kom, is daar uit die aard van die saak verskillende dissiplines nodig om betrokke te raak by die pasiënt. Die volgende dissiplines is vir die pasiënt gedurende sy rehabilitasieperiode beskikbaar:

(a) Ortopede
(b) Kliniese assistente
(c) Sielkundiges
(d) Fisioterapeute
(e) Arbeidsterapeute
(f) Ortose-prostetikuste
(g) Biokinetici
(h) Kapelane
(i) Maatskaplike werkers
(j) Verpleegpersoneel

Die rol en funksie van elk van die bogenoemde dissiplines word later in die hoofstuk uiteengesit. Hierdie genoemde professies raak betrokke by die pasiënt na die besering opgedoen is, tydens sy hospitalisasiefase en bly betrokke by die pasiënt deur sy rehabilitasiefase tot en met sy nasorg.

Uit die bogenoemde inleiding blyk reeds duidelik dat die 1 Militêre Hospitaal 'n omvattende, hoogs gespesialiseerde rehabilitasiediens aan gestremde pasiënte lewer. Vervolgens sal verskillende aspekte van hierdie rehabilitasiediens toegelig word.

## 5.2 SITUASIE-ANALISE

'n Verskeidenheid van gestremdhede word by 1 Militêre Hospitaal hanteer. Vir elk van hierdie verskillende gestremdhede is multiprofessionele spanne saamgestel wat funksioneer soos uiteengesit in die inleiding.

Die volgende gestremdhede word hierby ingesluit:

(a) Boonste ledemaatbesering. Hierdie gestremdheidskategorie sluit 'n wye spektrum van besering in wat wissel van skouerbeserings, senuweebeserings (byvoorbeeld brachiale plexusbeserings) tot amputasies en handmutilasies.

(b) Onderste ledemaatbeserings wat wissel van kniebeserings, amputasies tot algemene sportbeserings.

(c) Plegiebeserings dek die spektrum van beserings aan die rugmurg wat onder meer hemiplegie, kwadruplegie, paraplegie, ensovoorts tot gevolg het.

(d) Rugbeserings wat ook ander rugbeserings insluit waar daar nie noodwendig van verlamming sprake is nie, maar waar daar tog rehabilitasie van die pasiënt vereis word.

(e) Geslote hoofbeserings sluit 'n verskeidenheid van hoofbeserings en die rehabilitasie daarna in.

Die pasiënte wat rehabilitasie ontvang, word duidelikheidshalwe in die volgende groepe verdeel:

**(a) Ouderdom**

Pasiënte se ouderdomme wissel vanaf 18 jaar en hoër, met die meeste pasiënte binne die ouderdom 18-23 jaar.

**(b) Geslag**

Hoofsaaklik manlike pasiënte.

**(c) Ras**

Alle rasse word by die rehabilitasieprogram ingesluit. 'n Knelpunt is egter taal en kultuurbeperkinge wat by swart en anderskleurige pasiënte voorkom. Hierdie probleme plaas veral beperkinge op die professies wat betrekking het op die geesteswetenskaplike rigtings soos sielkunde en maatskaplike werk, waar daar sterk gesteun word op verbale insette vanaf die pasiënt sowel as die terapeut. Tolke word gebruik ten einde hierdie probleem te oorbrug, maar dit is verstaanbaar dat daar steeds van die fynere nuanses en implikasies van die bydraes verlore gaan.

**(d) Beroepe**

In 'n studie wat in 1987 gedoen is deur majoor J.C.C. Badenhorst (sielkundige) en kaptein M. Jones (arbeidsterapeut) het belangrike inligting met betrekking tot die beroepe van pasiënte wat aan die rehabilitasieprogram deelgeneem het aan die lig gekom. Die tydperk wat deur die studie gedek word is die periode 1 Januarie 1986 tot en met 31 Desember 1986. Vervolgens word gedeeltes daarvan weergegee:

(i) Statistieke van 149 pasiënte wat rehabilitasie ontvang weens beserings van die boonste ledemate ten opsigte van beroepe vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 1988:

Ambagsmanne:

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) | Elektrisiën | : | 12 % |
| (b) | Passer en draaier | : | 11 % |
| (c) | Diesel- en motorwerktuigkundige | : | 6 % |
| (d) | Ketelmaker | : | 5 % |
| (e) | Elektrotegnikus | : | 4 % |
| (f) | Instrumentmaker | : | 3 % |
| (g) | Plaatmetaalwerker | : | 2 % |
| (h) | Skrynwerker/timmerman | : | 2 % |
| (i) | Letterskilder | : | 1 % |
| (j) | Tekenaar | : | 1 % |

Die totale persentasie pasiënte wat dus in die beroep van ambagsman (of aanverwant) gestaan het, was 47 % van die totale aantal beroepe wat vervolgens weergegee word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| (k) | Klerklike beroep | : | 15 % |
| (l) | Soldaat (prakties weermag) | : | 13 % |
| (m) | Student | : | 12 % |
| (n) | Hyskraanoperateur/-drywer | : | 4 % |
| (o) | Boer | : | 3 % |
| (p) | Ingenieur | : | 2 % |
| (q) | Huisvrou | : | 2 % |
| (r) | Blokman | : | 1 % |
| (s) | Wildbewaarder | : | 1 % |

(ii) Statistiek van 49 neuro-chirurgiese rehabilitasiepasiënte ten opsigte van beroepe vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 1986:

Ambagsmanne:

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) | Elektrisiën | : | 4 % |
| (b) | Passer en draaier | : | 4 % |
| (c) | Diesel- en motorwerktuigkundige | : | 8 % |
| (d) | Elektrotegnikus | : | 4 % |
| (e) | Timmerman | : | 1 % |

Totale persentasie vir mannekrag binne die ambagsman- en aanverwante beroepe: 21 %.

| | | |
|---|---|---|
| (f) | Klerklike beroep | : 27 % |
| (g) | Soldaat (prakties weermag) | : 17 % |
| (h) | Student | : 13 % |
| (i) | Kreatiewe beroepe (bv. modeontwerp) | : 8 % |
| (j) | Pensionaris | : 4 % |
| (k) | Operateur | : 4 % |
| (l) | Boer | : 2 % |
| (m) | Ingenieur | : 2 % |
| (n) | Huisvrou | : 2 % |

(iii) Statistiek vir 200 rehabilitasiepasiënte (algemeen) ten opsigte van beroepe vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 1986.

Ambagsmanne:

| | | |
|---|---|---|
| (a) | Elektrisiën | : 10,5 % |
| (b) | Passer en draaier | : 9,5 % |
| (c) | Diesel- en motorwerktuigkundige | : 6,5 % |
| (d) | Elektrotegnikus | : 4,0 % |
| (e) | Ketelmaker | : 3,5 % |
| (f) | Instrumentmaker | : 2,5 % |
| (g) | Skrynwerker/timmerman | : 2,0 % |
| (h) | Plaatmetaalwerker | : 1,5 % |
| (i) | Letterskilder | : 1,0 % |
| (j) | Tekenaar | : 1,0 % |

Totale persentasie binne die ambagsman- en aanverwante beroepe: 42 %.

| | | |
|---|---|---|
| (k) | Klerklike beroep | : 18,5 % |
| (l) | Soldaat (prakties weermag) | : 13,5 % |
| (m) | Student | : 12,0 % |
| (n) | Hyskraanoperateur/-drywer | : 4,0 % |

| | | | |
|---|---|---|---|
| (o) | Boer | : | 2,5 % |
| (p) | Kreatiewe beroepe (goudsmid, modeontwerp) | : | 2,0 % |
| (q) | Ingenieur | : | 2,0 % |
| (r) | Blokman | : | 1,5 % |
| (s) | Blokman | : | 1,5 % |
| (t) | Huisvrou | : | 1,0 % |
| (u) | Wildbewaarder | : | 0,5 % |

Uit die bogenoemde studie blyk duidelik dat ambagsmanne en ander prakties gerigte beroepe voorop staan. In terme van beroepsindelings vorm dit dan ook grotendeels die beroepsgroep wat meestal binne die rehabilitasie-opset gesien word.

## 5.3 REHABILITASIEPROGRAMME

Rehabilitasieprogramme soos wat dit bestaan in terme van die verskillende gestremdhede verskil in beginsel nie baie van mekaar nie. Soos voorheen uiteengesit, het die rehabilitasieprogramme van elk van die gestremdhede 'n holistiese, totaal mensgerigte doelwit. Daarom word daar vervolgens die rolle van die verskillende dissiplines, asook hulle funksies uitgespel soos dit sou funksioneer binne 'n rehabilitasieprogram.

### 5.3.1 Die mediese spesialis

Die rol van die mediese spesialis behels ooglopend die mediese sorg van die pasiënt vanaf opname tot met ontslag asook daarna. Die pasiënt kyk dikwels op na die mediese spesialis as versorger en hersteller - die "magiese" figuur wat aan hom (die pasiënt) weer sy funksionaliteit en normaliteit gaan teruggee. Laasgenoemde impliseer die opvoedingstaak van die dokter om die pasiënt realisties te oriënteer, naamlik om

(i) sy verwagtings in terme van sy gestremdheid realisties te hou;

(ii) die rol van belangrikheid van die ander dissiplines reeds op 'n vroeë stadium aan die pasiënt uit te spel, en

(iii) die pasiënt se eie verantwoordelikheid in terme van sy gestremdheid, sy aanvaarding daarvan en sy rehabilitasie aan hom oor te dra.

### 5.3.2 Verpleegpersoneel

Verpleegpersoneel as lid van die rehabilitasiespan binne die militêre konteks speel 'n onskatbaar belangrike rol. Verpleegpersoneel het die meeste en langdurigste skakeling met pasiënte wat gehospitaliseer word. Dit maak dat hul observasies in terme van die pasiënt se welsyn, emosionele gesteldheid en sosiale skakeling onontbeerlik is vir die terugvoering aan die span tydens klinieke.

'n Verdere belangrike funksie van verpleegpersoneel is die instandhouding van die militêre milieu. Baie van die pasiënte word na hulle herstel ontslaan en gaan terug na militêre eenhede. Derhalwe is dit belangrik dat die pasiënt steeds tydens rehabilitasie binne die militêre dissipline moet bly. Inspeksies (waar nodig), nakoming van tydskedules en handhawing van algemene dissipline binne die rehabilitasiesaal is dus van die uiterste belang.

### 5.3.3 Sielkunde

Die sielkundiges se betrokkenheid by rehabilitasie van gestremde pasiënte kan teoreties in drie fases verdeel word:

**Fase 1: Onmiddellik na die trauma**

Wanneer die pasiënt gehospitaliseer word, word hy, sodra sy fisiese toestand dit regverdig, deur die mediese dokter of saalsuster na die sielkundige verwys. Baie van hierdie verwysings word reeds deur personeel van die intensiewesorg-eenheid gedoen. Die sielkundige se rol in hierdie stadium behels onder meer die volgende:

(ii) Daar word meestal op die hier en nou gefokus op 'n gerusstellende en struktuurgewende wyse. Die pasiënt sal waarskynlik bekommerd wees dat hy byvoorbeeld nooit weer sal kan loop nie en dit is die sielkundige se taak om aan hom die struktuur te gee in terme van sy onmiddellike emosionele ervaring.

(iii) 'n Verdere belangrike funksie van die sielkundiges is om 'n pasiënt reeds in hierdie stadium voor te berei op die lang rehabilitasieproses wat vir hom voorlê, asook om hom te motiveer vir hierdie proses.

(iv) Daar word ondersoek gedoen na enige moontlike posttraumatiese simptome wat by die pasiënt mag voorkom tesame met die hantering van sodanige simptome. Die vroeë hantering van post- traumatiese stressimptome is oor en oor in die literatuur bewys om die beste teenvoeter te wees vir die verchronifisering van die genoemde simptome.

(v) 'n Verdere en onmiskenbare aspek van die sielkundige se betrokkenheid in die eerste fase is die erkenning van die pasiënt se onmiddellike emosionele belewing rondom die traumatiese insident. Eksplorering en ventilering van die pasiënt se emosies rondom die trauma is van die uiterste belang vir sy latere positiewe emosionele aanpassing.

(vi) Konsultering en ondersteuning van die ouers en of familie van die pasiënt vorm ook uit die aard van die saak 'n kernbetrokkenheid deur die sielkundige.

**Fase 2: Akute hospitalisasiefase**

Nadat die pasiënt uit die intensiewesorg-eenheid ontslaan is, word hy oorgeplaas na die algemene sale. Die sielkundiges se betrokkenheid tydens hierdie fase behels onder meer die volgende:

(i) Die rehabilitasie van die pasiënt raak nou meer gestruktureerd en toekomsgerig.

(ii) Deurwerking van die trauma op emosionele vlak duur voort.

(iii) Angs en vrese rondom die voortsetting van die sosiale verhoudinge van die pasiënt vorm 'n integrale deel van die sielkundige se konsultasie in hierdie stadium.

(iv) Daar word gefokus op die pasiënt se self- en liggaamsbelewing met inagneming van sy gestremdheid.

(v) Die pasiënt word realisties georiënteer in terme van sy verwagtinge van rehabilitasie en sy herstel, asook die pasiënt se eie verantwoordelikheid wat betrokke is by sy rehabilitasieproses en uiteindelike heropname in die gemeenskap.

(vi) Die pasiënt se naasbestaandes word steeds gekonsulteer indien daar so 'n behoefte bestaan.

(vii) Die pasiënt wrod laastens, voor sy ontslag uit die rehabilitasiesentrum, finaal voorberei vir die rehabilitasiefase wat voorlê.

**Fase 3: Aktiewe rehabilitasie**

Na ontslag uit die hospitaal word die pasiënt opgeneem in die rehabilitasievleuel waar hy 'n gestruktureerde rehabilitasieprogram volg met die genoemde professionele dienste tot sy beskikking.

(i) 'n Oriëntasieprogram word aan die pasiënt gebied waartydens sekere inligtingsvraelyste aan hom gegee word. Slegs die belangrikste aspekte van die oriënteringsprogram word vervolgens gedek.

(ii) 'n Vraelys word uitgereik waarin vasgestel kan word hoe die pasiënt sy gestremdheid op verskillende vlakke ervaar, naamlik

(a) alledaagse aktiwiteite.
(b) voorkoms en selfbelewing,
(c) emosionele vlak,
(d) sosiale en ander verhoudinge.

(iii) Hierna word 'n video aan pasiënte vertoon waarin die verskillende dissiplines se betrokkenheid en funksies aan hom uitgespel word. Die pasiënt word dus deeglik ingelig oor watter dienste tot sy beskikking is, vir welke probleme hy ook al mag ondervind.

(iv) Vanuit die vraelys wat sy gestremdhede en tekortkominge identifiseer tesame met die video wat die dissiplines se funksies uitspel, word die pasiënt nou gelei om self te besluit watter van die dissiplines hy spesifiek en veral nodig het vir sy individuele rehabilitasieprogram. Deurentyd word daar egter klem gelê op die verantwoordelikheid wat die pasiënt self dra vir sy eie rehabilitasie.

(v) 'n Persoonlikheidsvraelys word hierna as standaardprosedure deur elke pasiënt ingevul (16 PF).

(vi) Bogenoemde inligting word gebruik tesame met 'n individuele onderhoud met elkeen van die pasiënte om sy persoonlike individuele rehabilitasiebehoeftes te bepaal asook die bepaling van welke pasiënte moontlik intensiewer sielkundige konsultasie mag vereis.

Terugvoer en uitruiling van inligting oor pasiënte geskied by weeklikse kliniekbesprekings en waarby die totale rehabilitasiespan betrokke is. Tydens hierdie kliniekbesprekings geskied kruisverwysing van pasiënte tussen die betrokke dissiplines.

Die nasorgfase wat begin nadat die pasiënt uit die rehabilitasievleuel ontslaan is en waarby al die verskillende dissiplines ook betrokke is, sal later in die hoofstuk bespreek word.

Alhoewel die sielkundige se betrokkenheid in hierdie fases as voorbeeld gebruik is, moet dit tog beklemtoon word dat die ander dissiplines ook voortdurend en voltyds betrokke is in en tydens die genoemde fases.

**5.3.4 Fisioterapie**

Fisioterapie vorm ook 'n integrale deel van die vier fases soos uiteengesit. Ook die fisioterapeute raak so gou moontlik by die pasiënt betrokke vir terapie na die besering en/of operasies. Die primêre doel van fisioterapie in die rehabilitasieproses is die mobilisering van gewrigte en sodoende verligting van pyn. Ook die fisioterapeut lê klem op die pasiënt se verantwoordelikheid in sy fisioterapeutiese rehabilitasieproses. Daar word dus van die pasiënt verwag om betrokke te wees en hard te werk ten einde maksimale herstel te bewerkstellig. Die terapeutiese verhitte swembad, elektriese en ysbehandelings word onder meer gebruik om die einddoel te bereik, naamlik om die pasiënt so onafhanklik moontlik te laat funksioneer.

**5.3.5 Ortose en prostetikuste**

(i) Ortose behels die versterking en ondersteuning van verswakte ledemate deur beweging te beperk.

(ii) Prostese behels die vervaardiging en passing van kunsledemate by pasiënte waar dit van toepassing mag wees. Die kosmetiese waarde sowel as die funksionele gebruik van hierdie toebehore kan nooit onderskat word nie. As daar in ag geneem word dat baie min prosteses beide funksioneel en aantreklik kan wees, blyk die nodigheid

van 'n spanbenadering in terme daarvan om die pasiënt te motiveer vir die sinvolle gebruik van sy prostese, duidelik onontbeerlik te wees.

Die pasiënt dra die verantwoordelikheid om die prostese tot sy volle potensiaal te gebruik, maar die span behou die verantwoordelikheid om hom hierin te ondersteun en realisties te hou in die sin dat 'n prostese nooit die funksionaliteit van 'n normale ledemaat sal kan vervang nie.

### 5.3.6 Biokinetici

Biokinetika speel ook 'n belangrike rol by rehabilitasie van veral ortopedies beseerde pasiënte. Hiervoor word 'n volledig toegeruste gimnasium en hoogs gekwàlifiseerde biokinetici gebruik wat spesifieke oefenprogramme vir individuele pasiënte uitwerk en toepas. Die versterking van gesonde ledemate dra duidelik by tot selfbeeldverbetering, toename in selfvertroue en die uitlewing van aggressie. Die biokinetikaprogram kan in vier fases verdeel word:

#### (a) Evaluering

Tydens opname in die rehabilitasiesentrum word pasiënte op fisieke vlak geëvalueer en behoeftes en tekortkominge word individueel vir elke pasiënt vasgestel.

#### (b) Fisiese oefening

Hierna word die wetenskaplik uitgewerkte oefenprogram in werking gestel wat aangepas word by die evaluasie wat in fase een gedoen is.

#### (c) Her-evaluasie

Her-evaluasie vind voortdurend plaas en aanpassings in die program word gemaak waar nodig.

**(d) Ontslag**

Nadat die pasiënt so volledig moontlik fisies gerehabiliteer word, word ontslag oorweeg.

### 5.3.7 Kapelaandiens

Die kapelaandiens word interkerklik aangebied en 'n pasiënt kan versoek dat 'n persoon van sy eie kerkgenootskap by hom betrokke raak. By die rehabilitasievleuel is 'n spesiaal ingerigte kapel waar gereelde kapelaanperiodes, kerkdienste, bidure en individuele gesprekke gevoer word.

### 5.3.8 Arbeidsterapie

Arbeidsterapie vorm een van die kernskakels in die rehabilitasieproses waar hulle die brug slaan tussen die gestremdheid en die terugkeer na die gemeenskap en siviele lewe. Die pasiënt se fisiese toestand word verbeter deur middel van verskeie aktiwiteite. Verder word die pasiënt voorberei vir die hervatting van sy beroep na ontslag uit rehabilitasie. Tydens die werksvoorbereiding word daar gekyk of die pasiënt in staat is om sy beroep waarvoor hy gekwalifiseer is, voort te sit en indien hy nie daartoe in staat is nie word alternatiewe beroepe voorgestel.

'n Verdere doel van arbeidsterapie is om die pasiënt so onafhanklik moontlik te maak. Indien nodig word sekere hulpmiddels aan die pasiënt voorsien om hierdie doel te bereik.

### 5.3.9 Maatskaplike werk

Maatskaplike werkers is gedurende die rehabilitasieproses by die pasiënt se maatskaplike en emosionele welsyn betrokke. Vrae en probleme wat by die pasiënt mag bestaan rondom finansies, sy salaris tydens hospitalisasie, kompensasie, versekering en pensioene kan deur sy maatskaplike werker beantwoord

word. Verder is die maatskaplike werker ook aktief betrokke by die herinskakeling van die pasiënt in die samelewing of weermageenheid.

## 5.4 OPLEIDINGSBETEKENIS VAN REHABILITASIE

As daar teruggekeer word na die statistiek oor die beroepe van pasiënte wat deur die rehabilitasieprogram is, blyk dit duidelik dat dit meesal persone in die meer tegnies praktiese beroepe is wat hulself blootstel aan moontlike fisiese gestremdheid. Vanuit 'n arbeidsterapeutiese oogpunt bestaan daar 'n leemte met betrekking tot effektiewe werksvoorbereidingsfasiliteite wat in situ-blootstelling aan die totale spektrum van prakties-tegniese beroepsoorte betref soos dit in die realiteit plaasvind.

Daar is dan sekere tegniese eenhede in die nabye omgewing geïdentifiseer waarheen pasiënte aan die einde van hul rehabilitasie gestuur kan word vir evaluering vir bestaande of moontlike alternatiewe beroepe.

Opgeleide personeel is nodig om die werksevaluasie by die eenheid self te gaan afneem ten einde nie net staat te maak op die subjektiewe oordeel van die pasiënt self nie. Personeeltekorte in al die verskillende dissiplines bemoeilik egter hierdie ideaal.

In samewerking met arbeidsterapie bied sielkundiges beroepsleiding aan pasiënte wat oorweging moet skenk aan alternatiewe beroepe. Pasiënte se moontlikhede waaronder belangstellings en aanleg word deur middel van psigometriese toetsing bepaal, waarna alternatiewe beroepe in oorleg met die arbeidsterapeut aanbeveel word.

Die geïdentifiseerde tegniese eenhede behoort ideaal gesproke ook so ingestel te wees om pasiënte in alternatiewe beroepe op te lei. Alternatiewelik kan die oorweging van die skepping van eenhede, wat hierdie rehabilitasiepasiënte kan akkommodeer en kan oplei, van onskatbare waarde wees.

Die rehabilitasieproses vereis besondere kennis en spesialiteitsvaardighede van die verskillende dissiplines betrokke by die proses. Hierdie kennis en vaardigheid behoort nie vir rehabilitasie verlore te gaan nie, maar eerder 'n voortdurende opleidingsproses te word waarin elke professie die nodige erkenning kan kry vir die hoogs gespesialiseerde taak wat hulle verrig.

## 5.5 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande blyk duidelik dat rehabilitasie binne die Suid-Afrikaanse Weermag op 'n omvattende skaal bedryf word. Uitbreiding en verfyning van die diens blyk voortdurend prioriteit te wees.

Ten slotte word kriteria vir rehabilitasiesukses soos weergegee deur Siller et al. 1958 aangehaal wat waarskynlik die ideaal wat nagestreef word, versinnebeeld:

### 5.5.1 Aanvaarding van die verlies

Die pasiënte se vermoë om fisieke beperkinge wat sy gestremdheid op hom plaas, te aanvaar.

### 5.5.2 Identifisering met sy gestremdheid

Die mate waarin die pasiënt sy gestremdheid, voorkoms en persoonlikheid kan beleef as soortgelyk aan ander gestremde persone.

### 5.5.3 Funksionele toereikendheid

Die pasiënt se realistiese waarneming van sy vermoë om fisiese aktiwiteite uit te voer.

### 5.5.4 Onafhanklikheid

Die pasiënt se bereidwilligheid om selfversorgend te wees binne sy vermoë en steeds vry te voel om te vra vir hulp wanneer nodig.

### 5.5.5 Sensitiwiteit

Vir sy eie emosies rondom sy besering asook die bewustheid van sy realisie op die effek wat sy gestremdheid op ander persone het.

### 5.5.6 Sosialisering

Die mate waarin die pasiënt soek na en genot put uit sosiale verhoudinge word ook aangespreek.

### 5.5.7 Frustrasie

Die pasiënt se belewing van sy onvermoë om gestelde lewens- en beroepsideale te kan verwesenlik as gevolg van sy gestremdheid.

### 5.5.8 Optimisme

Gevoelens van toereikendheid, selfvertroue en 'n positiewe uitkyk op die toekoms wat by die pasiënt bestaan.

Die doel word steeds nagestreef om op 'n holistiese, multi-professionele wyse gestremde persone te rehabiliteer tot volwaardige menswees binne elke individu se besondere opgawe.

# HOOFSTUK 6

# DIE HOSPITAALVERLATER: PROVINSIALE HOSPITAAL (H.F. VERWOERD-HOSPITAAL, PRETORIA)

## 6.1 INLEIDING

Die "Medies geskiktheid vir werkeenheid" vorm 'n integrale deel van die H.F. Verwoerd-hospitaal se rehabilitasie vir gestremdes. Die gemiddelde pasiëntelading is 25. Van hierdie gestremdes is tans 15 persone werkongeskik verklaar as gevolg van 'n verworwe gestremdheid.

## 6.2 DIE WERKSVOORBEREIDINGSTRATEGIE

Die werksvoorbereidingstrategie is medies en aktiwiteit georiënteerd. Die aard van die bemoeienis is dus nie opleiding nie. Geen sertifikate en/of diplomas word na voltooiing van die werksvoorbereidingsprogram uitgereik nie.

Die gestremde word bygestaan in die vind van 'n nuwe rigting in die werksmilieu en die voer van 'n sinvolle bestaan. Betrokkenheid in die normale lewe wat werk insluit word besonder belangrik geag in die totale strategie van werksvoorbereiding.

## 6.3 DIE MEDIESE GESKIKTHEID VIR WERKEENHEID

Die medies geskiktheid vir werkeenheid formuleer doelwitte wat varieer vanaf werksvoorbereidingsdoelwitte, moontlikhede, geskikthede en gesindhede waaroor gestremdes sal moet beskik tot die verwysing van die gestremde vir opleiding.

Verbesonderde kort- en langtermyndoelwitte word vervolgens uiteengesit.

* Die gestremde word bygestaan in sy totale oriëntering in veranderde omstandighede.

* 'n Besondere oogmerk van die rehabilitasieprogram is die aanmoediging van die gestremde persoon se bereidwilligheid om weer te gaan werk en onafhanklik te wees.

* Nie alleen word die gestremde se vermoë om te werk geëvalueer nie, maar ook faktore wat stremmend op suksesvolle werksverrigting inwerk word geïdentifiseer en sover moontlik geëlimineer.

* Behandeling van gestremdes vind plaas volgens remediërende en rehabilitatiewe beginsels.

* Die fokus is op die verbetering van basiese moontlikhede en aktiwiteitsverrigting om sodoende die gestremde se lewenskwaliteit te verbeter in die sfere van persoonlike sorg, vrye tyd en werk.

* 'n Langtermyndoel is die optimale verwerkliking van die eie moontlikhede as werkende lid van die samelewing.

* Elke gestremde word bygestaan in die skepping van en voorbereiding vir die beste beroepstoekoms vir hom- of haarself.

* Wanneer die program vir werksvoorbereiding vir die individueel gestremde persoon met sy unieke moontlikhede voltooi is, word hy oorweeg vir 'n geskikte werksplasing. Die werksomgewing moet korreleer met die gestremde persoon se moontlikhede en voldoen aan sy vereistes.

* Die optimale, sinvolle, verantwoorde en geskikte verwerkliking van sommige gestremdess se moontlikhede is van so 'n aard dat hul verwys word vir opleiding in 'n gespesialiseerde rigting.

* Verder word die eenheid gebruik vir die opleiding van arbeidsterapeute en ander professionele mense.

* Die eenheid dien ook as interne inligtingsbron van werksvoorbereiding en ondersteunende sisteme in die gemeenskap.

Die voltrekking van voorgaande doelwitte vind gelyktydig in die werkeenheidprogram plaas. Afhangende van die unieke persoonsmoontlikhede en verwerklikingsgeleenthede van die gestremde persoon word daar soms meer nadruk gelê op een aspek as op die ander.

Uit die gestelde doelwitte kan afgelei word dat die fokus nie gerig is op opleiding as enkele faset van voorbereidende beroepsgereedmaking nie maar op die totale voorbereiding vir die werksituasie. Die voorbereiding sluit oriëntering in vir opleiding in 'n gespesialiseerde rigting vir enkele gestremde persone.

Die daarstel van 'n verantwoorde werksvoorbereidingsprogram vir die individuele gestremde persoon stel dus besondere eise aan die personeel van die eenheid. Alhoewel die gestremde persoon hom in groepsverband bevind, is die totale program gerig op die individuele gestremde persoon met sy unieke historisiteit, (diagnose en prognose), persoonsmoontlikhede en verwerklikingsgeleenthede.

## 6.4 EVALUASIE VAN WERKSTEMPO EN VOORBEREIDING VIR WERK

Deur die gestremde persoon se werkstempo en sy voorbereiding vir werk te evalueer, is gevind dat die bestaande evalueringstelsel nie voorsiening maak vir die kompleksiteit van die prosedures nie.

Tans word meegewerk aan 'n gerekenariseerde stelsel met riglyne en prosedures vir die analisering, evaluering en behandeling van gestremde persone vir uiteindelike suksesvolle beroepsplasing.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

Bestaande en beplande wyses van analisering, evaluering en behandeling van gestremde persone wat berus op opeenvolgende (hiërargiese) besluitnemingsprosesse word vervolgens bespreek.

Selfs nog voor die gestremde persoon by die werksvoorbereidingsprogram betrek word, kan 'n besoek deur die eenheid se personeel by die werk afgelê word met die oog op evaluering van die werksituasie en -omgewing en aanbevelings kan dienooreenkomstig gemaak word.

Hierdie werksevaluasie sluit ook in die bepaling tot watter mate die gestremdheid die persoon verhoed om na sy vorige werk terug te keer. Ander, soms meer geskikte werksmoontlikhede word reeds met aanvang oorweeg.

Ten einde 'n realistiese en relevante werksvoorbereidingsprogram vir die gestremde persoon te kan aanbied, word die werksituasie in industrieë geanaliseer.

Gereelde besoeke word aan die industrieë gebring. Personeel poog ook om op hoogte van nuwe verwikkelinge te bly. Hierdie situasie-analise deur besoeke dien verder die doel

* om fisiese toegang tot die werksituasie te bewerkstellig;
* om kwalifikasievereistes te ondersoek; en
* om moontlike aanpassings in die werksituasie en omstandighede te ondersoek.

### 6.4.1 Fase 1 van die voorbereidingsprogram

Die gestremde persoon registreer by die departement Arbeidsterapie. Die volgende inligting word deur 'n aanvangsonderhoud verskaf:

- Demografiese inligting
- Historisiteitsgeskiedenis
- Algemene inligting wat opvoedkundige en werksverwante inligting, stokperdjies en vryetydsbesteding insluit

Met opname word pasiënte op 'n voldagprogram geplaas wat uit vier periodes bestaan. Elke gestremde persoon se program word na sy eie behoeftes opgestel. Die gestremde word vir 'n siftingsperiode van twee weke toegelaat.

Hierna bespreek die span die gestremde persoon en aanbevelings word gemaak in terme van verdere behandeling. Indien die persoon reeds oor toereikende werksgewoontes beskik, word hy verwys vir opleiding in 'n gespesialiseerde rigting of vir werksplasing oorweeg.

### 6.4.2 Fase 2 van die werksvoorbereidingsprogram

Alle inligting rakende die gestremde persoon word in ag geneem in die uiteindelike seleksie van evalueringstegnieke en toetse. Die gestremde persoon se werksvermoë en werkspoed word geëvalueer.

Vervolgens 'n kort beskrywing van die evalueringstegnieke en toetse:

**(1) Werkmonsters**

'n Voorbeeld van 'n aktiwiteit word uit die industrie geneem en die pasiënt word getoets om sy vermoë met betrekking tot die spesifieke taak te bepaal.

**(2) Werksimulasie**

Deur werksontleding word die elemente van 'n werk in die bedryf geanaliseer en die inbouing en nabootsing van hierdie spesifieke werk in departementele projekte word nagestreef. Die werkskategorieë sluit faktore in soos interaksie met persone in die werksomgewing, bepaalde verhoudinge met die omgewing self, materiale en voorwerpe, asook die spoed van taakvoltooiing. Hieruit kan afgelei word dat wetenskaplik verantwoorde werksontleding kan bydra tot die uitbou van die voorbereidingsprogram.

**(3) Ware werksituasies**

'n Gestremde persoon word vir 'n proeftydperk in 'n werksituasie geplaas om vas te stel of hy al die aspekte van werk in die industrie kan bemeester. Die noodsaak om potensiële werkgewers in te lig en te betrek in die rehabilitasieprogram blyk duidelik hieruit.

**(4) Formele toets(e)**

Hierdie toetse varieer en kan die volgende insluit:

* Gestandaardiseerde toetse deur geregistreerde sielkundiges afgeneem.

* MODAPTS (Modular Arrangement of Predetermined Time Standards) word gebruik om die spoed by voltooiing van 'n spesifieke taak te bepaal.

* Die Humphries-kaartsisteem evalueer die kwaliteit van die tipe werk. Die gebruik van hierdie kaartsisteem word tans bevraagteken. Die sisteem dien nie die doel, naamlik verantwoorde wetenskaplike evaluering, waarvoor die aangewend word nie.

### 6.4.3 Fase 3 van die werksvoorbereidingsprogram

Voorgaande evalueringsresultate gee 'n aanduiding van die tipe arbeidsmarkplasing van die gestremde persoon. Daar is vier arbeidsmark/tydsplasingskategorieë:

| | |
|---|---|
| 0 - 30 % | Tot geen arbeid in staat |
| 30 - 50 % | Beskermingswerkplekke |
| 50 - 80 % | Opleiding- en werksentrums |
| 80 % | Ope arbeid |

### 6.4.4 Fases 4 en 5 van die werksvoorbereidingsprogram

In elk van die voorgaande arbeidsmarkkategorieë is verskeie werksmoontlikhede. Met die oog op seleksie van 'n werk(area) word die gestremde persoon se aanleg geëvalueer. Kontinue evaluering bepaal die terapeutiese behandelingsprogram en die sukses in die werksuitvoering. Werksmotivering, uithouvermoë, werkspoed en spesifieke persoonsmoontlikhede vir werk word deurlopend gemonitor.

Ten einde 'n suksesvolle werksimuleringsprogram te waarborg, word gepoog om 'n werksatmosfeer te skep. Gestremde persone werk in werkswinkels, kantore en vertrekke toegerus met apparaat soos in die bedryf gevind.

Die onderskeie areas vir werkvoorbereiding word vervolgens bespreek onder die volgende hoofindelings:

* Die toerusting in die area
* Die werkstake wat uitgevoer word
* Die betekenis van die area vir die werksvoorbereidingsprogram
* Die identifisering van leemtes in die funksionering van die area.

**(1) Die klerklike (sittende) area**

Deur die toerusting in die area soos in 'n gewone kantoor te benut, word 'n werksatmosfeer gestig. Die toerusting sluit onder meer in tikmasjiene, 'n telefoonskakelbord, 'n fotokopieermasjien, liasseerkabinette en lessenaars.

Die klerklike take sluit die volgende werkstake in: fotokopiëring, rekenkundige take, liassering (stoorsisteme), bodewerk en die hantering van algemene kantoorapparaat soos tikmasjiene, die skakelbord, die diktafoon en optelmasjien.

In die werksvoorbereidingsprogram fokus hierdie area op hulp tot die optimale funksionering van die individuele gestremde persoon in die werksituasie. Individuele aanpassings vir effektiewe funksionering in die klerklike posisie moet gemaak word. Hulpmiddels volgens individuele behoeftes moet vir die individu aangepas word.

**(2) Rekenaararea**

Die toerusting bestaan uit 'n rekenaar. Die rekenaarwerkstake sluit in: blootstelling aan die rekenaar, akkurate intik van data en programmering.

Die rekenaarvaardigheidsvoorbereiding kan 'n gestremde persoon, wat voorheen 'n professionele beroep (byvoorbeeld rekenmeester) beoefen het, van hulp wees in die herowering van sy plek in die arbeidsmag.

Om in die program aan die rekenaarwerksvoorbereiding reg te laat geskied, word van die personeel besondere insette vereis.

- Die beskikbare rekenaarprogramme moet deurlopend op datum gehou word.

- Die arbeidsterapeute hou tred met die nuutste ontwikkelinge in die ope arbeidsmark.

**(3) Tikarea**

Dié area as faset van die werksvoorbereidingsprogram word met hulpmiddels en aangepaste metodes toegerus om die gestremde persoon tot hulp te wees in die beheersing van die formele kommunikasiemetode.

In die metodiek van die werkervaring word in die program voorsiening gemaak vir die individu se behoeftes.

Kwadrupleë wat nie meer die funksie van intrinsieke handspiere het nie, maar oor beperkte polsekstensie beskik, tik met behulp van 'n stokkie wat aan die handpalms vasgemaak word.

Hemipleë leer tik op die eenhandige metode.

**(4) Klerklikeproses-area**

Leertake sluit in kollassionering, snip van die papier op die guillotine, ensovoorts.

Die werksvoorbereidingsmetode is gerig op die behandeling van die gestremde persoon teen korrekte werkshoogtes waar ergonomie 'n rol speel.

Voorsiening word gemaak vir die evaluering en uitbou van staanuithouvermoë en konsentrasie deur die uitvoer van eenvoudige repeterende take.

Motivering vir en evaluering van hierdie leerervaring geskied deur die gebruik van Modapts. Evaluering van 'n gedeelte van algemene kantoorvaardighede sluit in die gestremde persoon se interpretasie van verbale of geskrewe instruksies van fotokopieer en afrolbestellings.

**(5) Prosesklerk-area**

Die werksaktiwiteit in die area behels die uitvoer van repeterende take. In die werksvoorbereiding word die gestremde persoon bygestaan in die uitvoering van die laevlaktake in beskermde arbeid.

In die evaluering van dié leerervaring word bepaal òf die pasiënt in staat is om as lid van 'n span aan 'n projek of in 'n produksielyn te werk.

**(6) Drukkersarea**

Die taak van kaartjiesdruk bied aan die hoofbeseerde gestremde die geleentheid vir die gebruik van 'n neurofisiologiese tegniek wat benut word vir die fasilitering van normale spiertonus.

**(7) Die stoorarea**

Die stoorarea bevat die kardexstelsel en materiale. Van die gestremde persoon word die uitvoer van verskeie take in dié area vereis. Telefoniese kwotasies word gemaak en bestellings dienooreenkomstig geplaas.

Die kardexsisteem moet op datum gehou word. In die voorbereidingsprogram word die gestremde persoon energiebesparingstegnieke geleer om in die uitvoering van die take onnodige stres op die rug te voorkom.

**(8) Die tegniese tekeninge-area**

Die area is toegerus met tekenborde. Die werksvoorbereidingsprogram in dié area is beplan om voorsiening te maak vir

* die verbetering van fyn handkoördinasie,
* verbetering van gehaltewerk wat akkuraatheid en netheid insluit,
* hulp met die sistematiese beplanning van 'n taak, en
* heropleiding in perseptuele vaardighede.

Suksesvolle werksvoorbereiding hang ook weer in hierdie area af van doeltreffende aanpassing van gereedskap en toerusting vir die behoeftes van die individuele gestremde. Die kommersieel beskikbare tafel kan benut word deur die gestremde persoon wat nie telkens kan opstaan om die tekening om te ruil nie. Die tekenaar hoef slegs die papier op- en afwaarts te draai.

**(9) Elektronika-area**

Take is verteenwoordigend van dié op die ope arbeidsmark. Aandag word in die werksvoorbereidingsprogram in die area gegee aan die volgende:

- Evaluering van en hulp met fyn oog-handkoördinasie van die gestremde persoon.

- Die gestremde word ondersteun in die opbou van frustrasietoleransie.

- 'n Produksielyn word opgestel vir die integrering van die totale projek vanaf die gedrukte stroombaanvervaardiging tot by die totale eindproduk. 'n Gekwalifiseerde tegnikus of ingenieur se vakkennis kan deeglik geëvalueer word. Die eis wat gestel word aan die voorbereidingsprogram is dat die take verteenwoordigend is van die ope arbeidsmark.

**(10) Elektriese area**

Die area van die voorbereidingsprogram voorsien verskeie werksaktiwiteite. Sistematiese bedrading moet volgens 'n bedradingsdiagram op 'n skaalmodel voltooi word. Gloeilampbedrading word gedoen terwyl die gestremde persoon op 'n leer staan. Dié faset van die voorbereidingsprogram fokus op die inoefening van balans en staanuithouvermoë.

Evaluering van tegniese kennis en vaardigheid in elektriese take is doeltreffend in soverre die werksmonsters verteenwoordigend is van dié in die ope arbeidsmark.

**(11) Metaalwerkarea**

In die metaalwerkarea word toerusting soos draaibanke, 'n freesmasjien, 'n kragsaag, 'n kolomboormasjien en 'n sweisapparaat aangetref. Gestremde persone voer werkaktiwiteite in dié

deel van die program uit wat bilaterale handgebruik sowel as fyn manipulasie van die draaibank vereis. Sweistake word staande uitgevoer.

Die gestremde persoon word bygestaan in die verbetering van staanuithouvermoë. Heropleiding van die gebruik van die boonste ledemaatprostese word beoog in uitvoering van die aktiwiteit. Ambagsmanne soos byvoorbeeld 'n passer en draaier se vermoë om terug te keer na sy ambag na 'n hartaanval word deur werksimulasie geëvalueer.

**(12) Houtwerkarea**

Dié area is toegerus met kragsae, houtdraaibanke, werksbanke en toepaslike gereedskap. Vir die uitvoering van die houtwerktake is die gebruik van nuwe metodes en aanpassings noodsaaklik.

'n Spesiale draaibankontwerp maak dit vir 'n gestremde persoon in 'n rolstoel moontlik om onder die werksoppervlakte in te beweeg sonder om teen voetstukke te stamp.

'n Setmaat verseker die veilige hantering van 'n elektriese skuurmasjien deur 'n blinde werker.

'n Band geheg aan die voetpedaal van 'n elektriese staanboor maak die hantering daarvan deur 'n hemipleeg moontlik.

**(13) Kunsvlytarea**

In dié deel van die voorbereidingsprogram word benewens die fisiese remediëring veral ook op geestelike en sosiale oriëntering gefokus.

Konstruktiewe vryetydsaktiwiteite word aangeleer as teenvoeter vir streservaringe. Aandag word geskenk aan swak konsentrasie en beperkte korttermyngeheue. Hulp word verleen waar 'n persoon swak interpersoonlike verhoudinge openbaar.

Verdere fisiese hulpverlening in die program is met spesifieke probleme soos abnormale spiertonus en swak koördinasie. Weefaktiwiteite is prominent in die bydrae tot die prostese-opleidingsprogram.

**(14) Groepwerkarea**

Die gestremde persoon met hoofbeserings vind die meeste baat by die sosiale vaardigheidsgroepe.

In die deel van die program word die gestremde persoon onder meer voorberei vir die werksonderhoud deur onderhoudsvaardighede te verbeter en af te rond. Daar word aandag gegee aan etiketreëls en die wyse waarop te werk gegaan moet word by die aansoek vir werk.

Die gestremdes word georiënteer in selfgeldende optrede en die stig en uitbou van gewenste interpersoonlike verhoudinge. Inskerping van sosiale vaardighede kom in alle werksareas in die program voor.

Rollespel word gebruik vir die uitspeel van die onderskeie situasies. Belewenis van ervaring word met mekaar gedeel en bespreek.

**(15) Sportbeoefening**

Verwesenliking van beide fisiese en geestelike moontlikhede op 'n hoër niveau word moontlik deur sportbeoefening. Die gestremdes word aangemoedig om by sportklubs aan te sluit vir sosialisering en kompetering.

Die rolbalklubs van die H.F. Verwoerd-hospitaal is tot die gestremde persone se beskikking. Die sportsoorte basketbal en boogskiet kan beoefen word.

Die laaste drie genoemde areas in die voorbereidingsprogram

steun die gestremde persoon in die handhawing van 'n gebalanseerde lewenstyl.

Uit die bespreking van die voorgaande werksareas blyk duidelik dat werksvoorbereiding en evaluering gelyktydig geskied.

**6.4.5 Fase 6 van die werksvoorbereidingsprogram**

Die werke wat buite die departemente beskikbaar is, word ook opgebreek in funksies en die minimum vereistes vir werksvoltooiing word geïdentifiseer.

Die gestremde persoon se (program) resultate word met dié van die werke gekorreleer om 'n moontlike beskikbare werk vir plasing te identifiseer. Die teenoorgestelde strategie is ook 'n moontlikheid. Indien 'n werk beskikbaar is, kan die resultate van gestremde persone in die ooreenstemmende kategorie ondersoek word om plasing van 'n geskikte persoon te bewerkstellig.

**6.4.6 Fase 7 van die werksvoorbereidingsprogram**

Die plasing van die gestremde persoon word uitgesonder as een van die hoofprobleme waarvoor die eenheid te staan kom. Die meeste van die gestremde persone kan nie in die ope arbeidsmag funksioneer nie. Werksgeleenthede in die algemeen is minimaal en dié in 'n beskutte werksomgewing nog skaarser.

Die gestremde persone is in die werklike werksituasie nie gemotiveerd genoeg nie. Hierdie faktor het al herhaaldelik werksmislukking veroorsaak. Werksgedrag voldoen ook telkens nie aan die standaarde van die werksituasie nie. Werkgewers openbaar 'n verset teen die indiensneming van 'n gestremde werker. Vervoerfasiliteite ontbreek waardeur suksesvolle plasing verder in die wiele gery word.

Na afloop van die werksvoorbereidingsprogram werk die arbeidsterapeut nou saam met die personeel van die Departement van

Mannekrag om die gestremde persoon aan te beveel en te plaas. Die loonsubsidieskema, soos deur die Departement van Mannekrag geïmplementeer, bied 'n uitkoms vir die gestremde werksoeker. Die werkgewer word op hierdie wyse uitgenooi om die gestremde persoon 'n kans in die arbeidsmag te gee.

Die kriterium vir suksesvolle plasing is die behoud van sy werk deur die gestremde persoon vir 'n jaartydperk. Alleenlik 10 tot 20 gestremde persone word in die ope arbeidsmark geplaas. Die meerderheid gestremde persone is aangewese op plasing in opleiding- en werksentrums.

Gereelde opvolg van pasiënte deur terapeute is 'n integrale deel van die program, wat personeel ook help om die program te monitor. Met die oog op plasing word kontak behou met organisasies en sentrums vir gestremdes. Heropnames geskied selde maar indien studente terugkeer, word hulle weer vir die werksituasie voorberei.

Geen dienste word na ontslag aan die gestremde persoon verskaf nie.

Uit voorgaande omskrywing van die werksarea kan afgelei word dat die gestremde persoon in die werksvoorbereidingsprogram individueel georiënteer word ten opsigte van

(i) die fisiese verrigting van die werkstaak en
(ii) die geestelike eise van die totale werksituasie.

Die <u>werksuithouvermoë</u> van die gestremde persoon word bepaal. Aan die hand van ergonomiese beginsels en werkstudie word hulp verleen met die beplanning van werk met verminderde energieverbruik.

<u>Produksiespoed</u> word geëvalueer met behulp van Modapts. Deur middel van werkstudie, werksbeplanning en aanpassing van hulpmiddels word gestrewe om die produksiespoed te verbeter.

Die gestremde persoon word kontinu gekonfronteer met die gevolge van 'n werksaktiwiteit in die werksituasie. Hy word geleer om onmiddellik te kompenseer. Verhoging van produksiekwaliteit word moontlik deur gebruik van 'n rekenaar, 'n setmaat en hulpmiddels.

'n Voorbereidingsdoelwit is die verwerwing en uitbou van goeie werksgewoontes. Die veiligheid van die gestremde persoon in die werksmilieu word in die program vooropgestel.

**6.5 DIE INFRASTRUKTUUR VIR DIE EENHEID SE WERKSVOORBEREIDINGS-PROGRAM**

Die rehabilitasie van die gestremde persoon vir sinvolle werksverrigting is die taak van 'n multidissiplinêre span. Personeel spesialiseer in die veld van werksvoorbereiding.

**6.6 STEUNDIENSTE**

Tweemaal per week besoek die paramediese span waaronder fisioterapeute die eenheid. Mediese personeel soos die medikus, spesialis, protetis, ortotis en verpleegkundiges is deurlopend betrokke in spanverband. Tydens die spanvergadering eenmaal per week is die maatskaplike werker teenwoordig. Wanneer die gestremde persoon deur die personeel bespreek word met die oog op opname, verwysing en plasing is die sielkundige se inspraak 'n vereiste. Die maatskaplike werker en sielkundige is op 'n deeltydse basis aan die eenheid verbonde.

Die eenheid stel die dienste van 'n professionele beroepsoriënteur as 'n voorvereiste vir meer suksesvolle beroepsoriëntering en -plasing van gestremde persone.

Die eenheid is 'n integrale deel van die H.F. Verwoerd-opleidingshospitaal en samewerking met die Universiteit van Pretoria is vanselfsprekend. Noue skakeling bestaan met die Departement van Mannekrag rondom die plasing van gestremde persone.

Die hulppersoneel van die eenheid moet die opleiding vir arbeidstegnici aan die tegniese kollege voltooi voordat hulle 'n aanstelling kan kry.

## 6.7 FASILITEITE

Die feit dat huisvesting en vervoer deur pasiënte self voorsien moet word, word as 'n leemte geïdentifiseer. Vir sommige gestremde persone is openbare vervoer ontoeganklik.

## 6.8 FINANSIERING

Elke gestremde persoon se individuele inkomste word in ag geneem by die bepaling van byvoorbeeld 'n tarief van vyf rand per dag. Of die persoon 'n staats- of ongeskiktheidspensioen ontvang, is ook bepalend vir die programkoste. Indien die persoon se mediese fonds nie uitgeput is nie, is die tarief twintig rand per dag. Indien die fonds egter uitgeput is, word aansoek gedoen vir 'n herklassifikasie teen 'n tarief van vyf rand per dag.

## 6.9 DESKUNDIGES

Die mediese geskiktheid vir die werkeenheid se werksvoorbereidingsprogram word in stand gehou deur deskundiges op die gebied van werksvoorbereiding.

Vyf arbeidsterapeute met 'n graad of diploma is by die Mediese en Tandheelkundige Raad geregistreer. Van die terapeute word een jaar van akute werkdiens vereis vóór indiensneming.

Een hoofnywerheidsinstrukteur funksioneer as instrukteur. Sy taak is onder meer die versorging van hulpmiddels en die maak van aanpassings in toerusting wat deur die gestremde persoon gebruik word. Dié instrukteurs se werksvoorbereiding is persoongesentreerd en nie produkgesentreerd nie. Die instrukteur se ingesteldheid teenoor die gestremde persoon en produktiwiteit is van deurslaggewende belang in sy keuring as personeellid.

Twee ander hoofnywerheidsinstrukteurs begelei die gestremde persone in tegniese werkstake. Al die instrukteurs is gekwalifiseerde vakmanne in 'n ambag. Die instrukteurs het die eenjarige arbeidstegnicikursus aan 'n tegniese kollege voltooi.

Die instrukteurs dra nie alleen kennis van die ambagte nie maar weet ook wat die standaarde van die bedryf is en wat van 'n werknemer in die arbeidsmark verwag sal word. Werkservaring van vyf tot tien jaar word vereis.

Een kunsvlytinstruktrise funksioneer as werksvaardigheidsinstruktrise. Die instruktrise moet die eenjarige arbeidstegnicikursus aan 'n tegniese kollege voltooi het. Geen vorige werksondervinding word vereis nie.

Tydens onderhoude word personeel ook op grond van persoonlikheid gekeur. Van die personeel word vereis om

* individueel in spanverband met die gestremde persone te kan werk;

* in sy voorbereidingsprogram die individu met sy unieke gestremdheid tot hulp te wees in die lig van 'n spesifieke diagnose en prognose;

* in staat te wees om in alle opsigte met 'n gestremde persoon te kan werk ('n gestremde persoon moet byvoorbeeld fisies hulp verleen word by die aansit van beenstutte).

## 6.10 DIE SPESIFIEKE GROEP GESTREMDE PERSONE AAN WIE DIE EENHEID DIENS LEWER

Die eenheid se dienste is tot beskikking van die volgende tipe gestremdhede:

* Neurologiese beserings as gevolg van motorongelukke.

* Amputasies waar pasiënte gehelp word in die gebruik van kunsledemate.

* Ouer pasiënte met links- en regssydige hemiplegi as gevolg van byvoorbeeld beroerte.

* Spinaalbeserings waar die persoon se rug gebreek is en hy moet leer om by 'n rolstoel aan te pas.

* Psigomotoriese vertraging.

* Doofheid, blindheid, kanker, nierprobleme, hartaanvalle.

Die volgende groep gestremde pasiënte kan vanweë die eenheid se werksvoorbereidingstrategie nie vir opname oorweeg word nie:

* Psigopate
* Werklikheidsgedisoriënteerde persone
* Diegene wie se aandagspan korter as 'n halfuur is
* Diegene wie se gestremdheid sy werksvermoë inhibeer.

Onderhoude word met alle gestremde aansoekers vóór opname gevoer. Geen formele keuring van die aansoekers vind plaas nie. 'n Besonder dringende funksie is om die gestremde persoon betyds by die eenheid se werksvoorbereidingsprogram in te skakel. Die onmiddellike verwysing en opname van die gestremde persoon kan werksmislukking voorkom wat by meeste persone plaasvind. So 'n swak werksrekord gaan dan gepaard met 'n ontoereikendheidsbelewing en lae selfbeeld.

Gestremde persone word na die eenheid verwys deur die volgende belanghebbendes en instansies:

* Personeel van die H.F. Verwoerd-hospitaal
* Welsynsorganisasies
* Departement van Mannekrag
* Werkgewers
* Skole vir gestremde leerlinge
* Universiteite.

Een derde van die verwysings word van buite die Pretoria-area ontvang.

## 6.11 SAMEVATTING

Die gestremde persoon se verwerklikingsgeleenthede in die primêre gesinsituasie, kerkverband en 'n ondersteunende vriendekring is ook van deurslaggewende belang in sy arbeidsituasie. Die gestremde persoon wat ten tyde van veeleisende oriëntering in veranderde omstandighede verseker is van 'n stabiele ondersteuningsnetwerk, se kanse op suksesvolle rehabilitasie is sterker. 'n Besondere oproep word dus gedoen op familie, vriende en geloofsgenote om te funksioneer as ondersteunende sisteem in die beroeps-/arbeidsheroriëntering van die gestremde persoon. Statistieke van suksesvolle en minder suksesvolle beroepsrehabilitasie van die eenheid toon dat die voltooiing van die voorbereidingsprogram alleen selde tot volkome rehabilitasie lei.

In die werksvoorbereidingsprogram moet dus opnuut aandag geskenk word aan

- die wyses van voorbereiding,
- die hulpmiddels wat gebruik word,
- die onderrigmetodes wat gebruik word,
- die gebruik van videomateriaal en die opstel daarvan,
- die moontlike rol wat 'n beroepsoriënteur in die voorligting kan speel, en
- die uitbou van die program se inhoud.

Die program kan die volgende aspekte insluit:

Die vryemarkstelsel
Personeel-hiërargie en salarisstruktuur
Behoefte om te werk
Motivering
Selfgelding
Werksgedrag
Gebalanseerde lewenstyl
Gestremdes in die arbeidsmark.

# HOOFSTUK 7

# BEVINDINGS, MOTIVERINGS VIR DIE BEVINDINGS, AANBEVELINGS EN IMPLIKASIES VIR DIE IMPLEMENTERING VAN DIE AANBEVELINGS

## 7.1 BEVINDING 1: FORMELE OPLEIDING

'n Kleiner groep gestremde persone kan in die ope arbeidsmark tot hulle reg kom op grond van formele onderwys.

MOTIVERING

Die meerderheid gestremde persone kwalifiseer as gevolg van beperkte vermoëns nie vir opleiding met die oog op plasing in die ope arbeidsmark nie, en is dus aangewese op plasing in een of ander vorm van beskutte werk.

AANBEVELING

Opleidingsgeleenthede vir vaardigheidsopleiding van die gestremde persoon behoort uitgebrei en op nasionale, streeks- en plaaslike vlak in samewerking met die privaatsektor uitgebrei en gekoördineer te word.

IMPLIKASIE

Op hierdie wyse kan gestremde persone vryer toegang hê tot gepaste opleiding wat 'n integrale element binne 'n breë stelsel van nasionale mannekragbeplanning vorm en wat as basis kan dien vir werkskepping asook vir die effektiewe plasing en aanwending van die persoon in die arbeidsveld.

## 7.2 BEVINDING 2: TOEPASLIKHEID VAN DIE NASIONALE OPLEIDINGSBELEID

Die nasionale beleid vir opleiding soos vervat in die Kompendium van Opleiding, Nasionale Opleidingsraad, Departement van Mannekrag (1984: ) word nie so algemeen geïnterpreteer dat dit die opleiding van die gestremde persoon ook insluit nie.

MOTIVERING

Gestremdhede word in verskillende kategorieë en grade geklassifiseer en die gestremde persoon kwalifiseer nie noodwendig vir plasing in die ope arbeidsmark nie. Hierdie probleem word aangespreek in die onderstreepte gedeelte van die nasionale opleidingsbeleid en moet dienooreenkomstig vir die gestremde ook geïnterpreteer word:

"Die nasionale en algemene opleidingsdoelwit is om die land se totale mannekragkorps, ongeag ras, kleur of geslag, optimaal te ontwikkel deur die deurlopende opvoeding, tot die hoogs moontlike vlak van die individu se werksvermoëns met inagneming van sy aanlegte, belangstellings en ander persoonlikheidseienskappe. Hierdie proses moet geskied binne die huidige en toekomstige behoeftes van Suid-Afrika op tegnologiese, ekonomiese en maatskaplike gebied."

AANBEVELING

Die nasionale beleid vir opleiding moet in duideliker terme van die gestremde geïnterpreteer en geïmplementeer word.

IMPLIKASIES

Opleiding van gestremde persone met die oog op plasing in beskutte arbeid sowel as die ope arbeidsmark, sal daartoe lei dat die gestremde persone 'n geïntegreerde deel vorm van die nasionale mannekrag.

## 7.3 BEVINDING 3: 'N STRATEGIE VIR OPLEIDING

Daar bestaan nie medium- of langtermynstrategieë vir die opleiding van gestremde persone nie.

MOTIVERING

Gesien veral in die lig van die regering se beleid oor privatisering en deregulering moet daar 'n bedeling of strategie uitgewerk word wat sal lei tot die akkommodering van die gestremde persone in beskermde werk sowel as in die ope arbeidsmark op 'n ekonomies lonender basis.

AANBEVELING

Daar behoort 'n komitee, verkieslik by die Nasionale Opleidingsraad, Departement van Mannekrag in die lewe geroep te word wat voortdurend aandag sal gee aan die bepaling van strategieë vir die opleiding en plasing van die gestremde persone. Die doel van die komitee sal wees die beplanning, bevordering, en fasilitering van opleiding en die plasing van gestremde persone. Die komitee kan saamgestel word uit verteenwoordigers van die volgende instansies:

- Departement van Mannekrag
- Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling
- Werkgewersorganisasies
- Werkgewers
- Werknemersorganisasies
- Nasionale rade vir gestremdesorg.

IMPLIKASIE

Hierdie komitee kan die opleiding en plasing van die gestremde persone bevorder en fasiliteer. Probleme wat mag voortspruit op nasionale, departementele en streeksvlak kan hierdie komitee se verantwoordelikheid wees.

## 7.4 BEVINDING 4: AANGEPASTE OPLEIDING

Groot getalle gestremde persone is op aangepaste tipe opleiding aangewese.

MOTIVERING

Omdat verskillende gestremdhede andersoortige probleme in terme van opleiding skep waarvoor gekompenseer moet word, sal dit in sommige gevalle nodig wees om die duur van opleidingskursusse te verleng, spesiale hulpmiddels beskikbaar stel en ook van sekere toegewings gebruik te maak.

AANBEVELING

Daar kan in oorleg met die voorgestelde komitee vir opleiding en plasing van die gestremde persoon, 'n sertifiseringstelsel beplan word wat voorsiening maak vir aangepaste tipe opleiding.

IMPLIKASIE

Die gestremde persoon sal in staat gestel word om met beskikbare leer- en werkvermoëns opleiding te ondergaan wat voorheen nie toeganklik was nie. Hierdie opleiding behoort die gestremde persoon in staat te stel om op 'n meer kompeterende basis vir plasing mee te ding.

## 7.5 BEVINDING 5: OPLEIDING AAN GESTREMDE PERSONE MET BEPERKTE LEERVERMOëNS

In die meeste gevalle word opleiding net aan uitstaande gestremde persone verskaf. Die groot groep bly onopgelei of ondergaan slegs die minimum vaardigheidsopleiding.

MOTIVERING

Die gestremde persoon wat die meeste by opleiding sal baat, kry gewoonlik voorkeur wat keuring vir opleiding betref. Bestaande fasiliteite, by byvoorbeeld opleiding en werksentrum en groepopleidingsentrums, kan gebruik word om gestremde persone met beperkte vermoëns in repeterende en beperkte vaardighede op te lei.

AANBEVELING

Bestaande fasiliteite behoort gebruik te word om aan gestremde persone met beperkte leervermoëns, wel 'n vaardigheid aan te leer.

IMPLIKASIE

Opgeleide gestremde persone behoort beter in staat te wees om met behulp van onder andere die gemeenskap, produktiewe werk te kan verrig met die doel om in 'n groter mate finansieel selfonderhoudend te wees.

**7.6 BEVINDING 6: BENUTTING VAN BESTAANDE INFRASTRUKTURE**

Daar bestaan genoegsame infrastruktuur by die groepopleidingsentrums om sekere kategorieë van gestremdes op te lei.

MOTIVERING

'n Groepopleidingsentrum word gestig deur 'n groep of verenigings van werkgewers wat in 'n bepaalde gebied in 'n bepaalde nywerheid betrokke is en wat voorsiening maak vir die opleiding van werknemers, werksoekers en ander persone. Daar bestaan by hierdie groepopleidingsentrums voldoende infrastruktuur en finansiering deur die Departement van Mannekrag uit die Mannekragontwikkelingsfonds om ook gestremde persone op te lei. Voortgesette opleiding moet as 'n noodsaaklike onderdeel

van die totale opleidingspoging gesien word. Die algemene gesindheid van die bestuur en opleiers van groepopleidingsentrums teenoor die opleiding van gestremde persone is positief.

AANBEVELING

Opleidingsentrums, byvoorbeeld groepopleidingsentrums, behoort hulle fasiliteite vir die opleiding van sekere kategorieë gestremde persone op streeksvlak beskikbaar te stel.

IMPLIKASIE

Meer gestremde persone sal effektiewe opleiding kan ondergaan met die doel om in 'n groter mate finansieel selfonderhoudend te wees.

## 7.7 BEVINDING 7: BENUTTING VAN FONDSE IN OPLEIDING

Daar is 'n onderbenutting van bestaande fondse van die Departement van Mannekrag vir die opleiding van gestremde persone.

MOTIVERING

Die Mannekragontwikkelingsfonds kan ook genader word vir fondse vir die skepping van groepopleidingsentrums, private opleidingsentrums of opleidingskemas vir gestremdes.

AANBEVELING

Daar word aanbeveel dat die Mannekragontwikkelingsfonds van die Departement van Mannekrag ook vir die opleiding van gestremde persone op 'n gekoördineerde wyse en op aanbeveling van die voorgestelde komitee vir opleiding en plasing van die gestremde persone bevorder, gepropageer en toegeken word.

IMPLIKASIE

Gestremde persone sal oor 'n breër basis en doeltreffender opgelei kan word, wat sal meehelp om hulle in 'n groter mate finansieel onafhanklik te maak.

## 7.8 BEVINDING 8: KOÖRDINERING VAN OPLEIDING

Daar bestaan gebrekkige koördinasie tussen staatsdepartemente, nasionale rade vir gestremdesorg en werkgewers met betrekking tot die opleiding en finansiering van die opleiding van gestremde persone.

MOTIVERING

Daar bestaan, wat genoemde instansies betref, 'n groot mate van onkunde en daaruit voorspruitend ook isolasie en duplisering van dienste aan gestremde persone.

Deur die koördinering van die aksies van hierdie instansies kan die opleiding en plasing van die gestremde in 'n groter mate gekoördineer word.

AANBEVELING

Die voorgestelde komitee vir die opleiding en plasing van die gestremde persoon moet instaan vir die koördinering van die opleiding van die gestremde persoon op streeks- sowel as plaaslike vlak.

IMPLIKASIE

Indien kragte saamgesnoer kan word wat die betrokke staatsdepartemente, nasionale rade vir gestremdesorg en werkgewers betref, kan dit die gestremde persoon net bevoordeel.

## 7.9 BEVINDING 9: SKAKELING TUSSEN OPLEIDINGS- EN PLASINGSINSTANSIES

Daar bestaan nie genoegsame skakeling tussen opleidings- en plasingsinstansies met die oog op doeltreffende behoeftegerigte opleiding en plasing nie.

MOTIVERING

Wanneer persone opgelei word en daarna 'n probleem met betrekking tot plasing ondervind, lei dit tot frustrasie en negatiwiteit teenoor opleiding en werk. Hierdie aspek kan in 'n groot mate ondervang word indien daar groter skakeling en koördinasie bestaan tussen opleidings- en plasingsinstansies.

AANBEVELING

Die komitee vir opleiding en plasing van gestremde persone behoort op nasionale, streeks- en plaaslike vlakke as katalisator te dien om die samewerking tussen opleidings- en plasingsinstansies te bewerkstellig.

IMPLIKASIE

Gestremde persone wat meer doeltreffend opgelei is, behoort meer effektief geplaas te word in byvoorbeeld beskutte werk, die ope arbeidsmark, koöperatiewe ondernemings en selfhelpskemas.

## 7.10 SLOTOPMERKING

Deur die implementering van bogenoemde aanbevelings kan die opleiding en indiensplasing van die gestremde persoon in die grootste mate bevorder word wat daartoe sal lei dat sulke persone effektiewer in die ope arbeidsmark en in beskermde werk geplaas sal kan word.

**BRONNELYS**

BARNARD, H.M. 1987. _'n Bevoegdheidsmodel vir die opleiding van opleiers in die nywerheidsektor van die R.S.A._ Ongepubliseerde referaat gelewer by die Universiteit van Pretoria op 16 Junie 1987.

BEUKES, S. 1987. 'n Werkrehabilitasieprogram soos aangebied deur die Departement van Arbeidsterapie by Stikland Hospitaal. _Rehabilitasie,_ September.

BICE, R. & BURKHALTER, B. 1987. Preparing the blind and visually impaired youth for a technocratic-information world of work. _Journal of Rehabilitation,_ July/Aug/Sept.

DEPARTEMENT van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling. Gestremdheid in die Republiek van Suid-Afrika. _Hoofverslag_ vol. 1.

DEPARTEMENT van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling. _Gestremdheid in die RSA: Opleiding en Indiensneming,_ Vol. 24.

DE VILLIERS, E. 1987. Die hersiene gespesialiseerde onderwysprogram vir die verstandelik gestremde kind. _Rehabilitasie,_ Sept.

FLINT, L. 1981. Miracles of technology in the international year of disabled persons 1981. _Rehabilitation in S A,_ Sept.

FORTUNE, J. 1986. Job placement results of a profoundly rural state using the job training and partnership act and sheltered workshop. _Rehabilitation Research,_ 9(3).

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY



HARVEY, E.W. 1986. Die jaar van die gestremde persone, 1986, met besondere verwysing na die Gestremde en die Arbeidsterrein. Rehabilitasie in S A, 30(4).

POSTHUMUS, D.J. 1986. Die huidige werkloosheidskrisis en die gestremde. Rehabilitasie in S A.

ROCHLIN, J.F., CLARCQ, J. 1985. Competitive employment of disabled people: the need for partnership. Journal of Rehabilitation, April-June.

SALOMONE, P.R., PAIGE, R. 1984-1985. Enployment problems and solutions. Vocational Guidance Quarterly, Vol. 33.

SENTRALE STATISTIEKDIENS VAN DIE RSA. 1980 Bevolkingsensus.

UNITED NATIONS WORLD PROGRAMME OF ACTION concerning disabled persons. 1982.